# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 367 • Desember 2023/Januarie 2024



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Desember 2023/Januarie 2024 | No. 367

# INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Lig in Duisternis

REDAKSIONEEL
**Ds. Aubrey Hough**
Daar is nie duisternis nie ... net afwesigheid van lig .............................. 1

AMPTELIK .......................................................................................... 3

ONTVANG DIE WOORD
**Dr. Sinclair B Ferguson**
Jesus, Naam bo alle name: Die viervoudige Naam ................................ 4

HOOFARTIKEL
**Prof. Koos Adendorff**
Die ewigbrandende kandelaar in die tempel ......................................... 6

ARTIKELS
**Wynand 't Hart**
Sy "lig-gaam" vir ons lewe, waarheid en geluk ...................................... 8
**Johannes Broekman**
Wees kinders van die lig: Wees 'n lamp én 'n stad .............................. 10
**Ds. Pieter le Roux**
Lig as metafoor van God se oordeel ..................................................... 14
**Ds. Jaco Nel**
Lig as metafoor van God se heerlikheid ............................................... 16
**Pieter van Deventer**
Lig teen duisternis: Die hart van die evangelie .................................... 18
**Ds. Arno Nieuwhof**
"Lig uit lig" in die Niceanum ................................................................ 20
**Charlotte Möller**
Bloedrivier se lig – radikaal tot seën! .................................................. 22

AKTUEEL
Predikantekonferensie ........................................................................ 12
Bybelwoordblok .................................................................................. 13
Brief: Waspore deur Thaba Nchu ......................................................... 24
Smeltoond: Is Israelihaters ook Christenhaters? ................................. 25
Gemeentenuus .................................................................................... 26
Antwoorde: Bybelwoordblok (November 2023, bl. 23) ........................ 26

IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER
**Dr. Pieter Mulder**
Oumatjie Stoffberg ............................................................................. 30

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER
**Pieta Oosthuizen**
"Gaan ons vandag kerk toe?" ............................................................. 31

**VOORBLAD:**
*Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.* **(Joh. 1:9)**

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint
**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt
Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Daar is nie duisternis nie … net afwesigheid van lig

**Ds. Aubrey Hough**[1]

**Op een van die wetenskaplike webwerwe vra iemand: "Kan jy 'n flits maak wat dinge donkerder maak?" Heel pittig antwoord een: "Nie 'n tipe flitstoestel nie, maar daar is 'n toestel wat gewoonlik in pare gebruik word wat kamers donkerder kan maak. Dit word gordyne genoem!"**

En hiermee word presies gesê wat donkerte is: Dit is waar daar nie lig is nie, of waar lig weggeneem word. Dit is dalk 'n moeilike konsep om te begryp, want 'n mens voel of jy tog donkerte kan "sien", maar wat jy bloot sien is die afwesigheid van lig. Wetenskaplik kan ons dan sê dat ons nie duisternis kan skep nie, omdat duisternis nie 'n bron het nie. Ons sou ook kon sê dat duisternis nie 'n onafhanklike fisiese entiteit is nie. Dit is meer 'n leegheid.

Wanneer ons die woorde "duisternis" en "leeg" hoor, word ons gedagtes natuurlik dadelik gerig na die heel eerste verse van die Bybel waar God die hemel en die aarde gemaak het en die aarde beskryf word as … *woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed …* (Gén. 1:2). Hierdie toestand verander egter dramaties met die eerste skeppingswoorde volgens Génesis 1:3: *Laat daar lig wees!* Hiermee bring die openbaring van God dadelik die werklikheid dat sin en betekenis van Gods skepping (wat ook die mens later sou insluit), alleen moontlik is in die teenwoordigheid van God as die lig van die wêreld. Dit is immers in geen onduidelike taal die openbaring van die Skrif later in 1 Johannes 1:5: … *God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.*

## Die sondegordyn

Wanneer ons hierdie Kersseisoen opnuut bewus word van die lig van God wat wêreld toe gekom het, sou ons tereg kon vra waar die lig dan heen is? Het God se *Laat daar lig wees*! dan net verdwyn? Dit het nie verdwyn nie, maar die mens het 'n gordyn voor die Goddelike lig getrek. Adam en Eva het gekies om die ewige lig met 'n sondegordyn te bedek. Dit is presies die werklikheid van Génesis 3:8: … *en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin.*

Adam en Eva en die ganse mensdom daarna het die lig van God deur die sondegordyn uitgekeer. Paulus praat in 2 Korinthiërs 3:15 van 'n "bedekking" oor die hart van die Israeliete: *Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart …*

## God wil nie die sondegordyn 'n werklikheid hê nie

In die viering van die Christusgeboorte is daar egter een werklikheid wat opnuut vir gelowiges as 'n jubeltoon kan uitstyg, wat telkens die blye boodskap van God se Woord laat leef in die crescendo van Goddelike genade: God wil nie die sondegordyn 'n werklikheid hê nie! Daarom dat die apostel Johannes in die openingswoorde van sy Evangeliebeskrywing op 'n kosbare wyse die geboorte van Jesus koppel aan die skepping, met Christus as die Herskepper wat die duisternis kom verdryf:

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God … Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.*

Ons kan die beeld sien van lig wat onstuitbaar in die duisternis inbeur tot belang van God se kinders sodat die werklikheid van 'n "liglewe" in Christus kan realiseer. Dit sou daarom nie vergesog wees om te redeneer dat die geboorte van Jesus aan die mensdom bekendgemaak word in die nág (in die donker), waar die hemelse teenwoordigheid van lig 'n prominente rol sou speel. Dit

1. Leraar van die AP Kerk Tzaneen en redaksielid van *Die Boodskapper*.

is in Lukas 2:8-9 dat ons lees van die herders wat ... *in die nag oor hulle skape wag gehou het.* Skielik word die nag verbreek as daar meteens 'n engel van die Here by hulle staan ... *en die heerlikheid van die Here ... rondom hulle* [skyn].

## Ek is die lig van die wêreld

Die duisternis van sonde én stukkendheid én broosheid se doppie is deur die geboorte van Christus geklink. Soos God Homself as *Ek is ...* (Ex. 3:14) aan Moses bekendgemaak het by die brandende bos, waar die bos onuitbrandbaar vuurlig uitgestraal het, stel Jesus Homself as "Ek is" bekend. Die mensgeworde God in Christus sê aan die sondegordynwêreld: *Ek is die lig van die wêreld* (Joh. 8:12; 9:5).

## Lig deur duisternis heen

Ons kan die geboorte van Jesus egter nie in diepte verstaan as ons nie ook na die kruis gaan nie. Want dit is juis dáár waar die Here Jesus self die sondegordyn kom skeur sodat die volle lig van Goddelike redding oor sy kinders kan skyn. Hy skeur die sondegordyn deur sélf in die duisternis in te gaan. Dit is reeds aan die kruishout waar die duisernis daardie Vrydagmiddag van sy kruisiging vir drie ure oor die aarde neerdaal, dat ons sien dat Christus in worsteling met die duisternis gaan.

Hierdie duisternis beteken egter ook vir ons dat Hy die duisternis van ons sonde op Hom neem. Hoe donker was dit nie toe die Godsverlatendheid vanuit die Gólgotakoppie uitkreun: *My God, my God, waarom het U my verlaat?* (Mt. 27:46). En die einde was dit nog nie, want die duisternis van die dood en graf sou ook nog kom. Inderdaad sou Jesus op hierdie wyse nie net die duisternis beveg nie, maar op elke lewensterrein van die mens – tot in die graf – sy lig opnuut verwerklik.

## Die lig van God is ook 'n vooruitkyk

Die lig van God is só volledig, dat ons selfs in die geloof vooruit kan kyk oor die horisonne van hierdie lewe na die ewige lig waarheen ons op weg is. Wanneer die Here vir die apostel Johannes (en vir ons!) die voorreg gee van 'n kykie in die ewigheid, dan lees ons die aangrypende heerlikheid in Openbaring 22:5:

> *En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig ...*

## Lig in Duisternis

Ons vaders het sekerlik die kosbaarste leuse vir ons kerkverband gekies met die woorde "Lig in Duisternis". Daarmee erken ons Jesus Christus as die enigste Bron van lig in 'n duisterniswêreld, maar meer ook – ons word opgeroep om lig in hierdie wêreld te wees. Matthéüs leer ons die woorde van Jesus: *Julle is die lig van die wêreld* (5:14), met die opdrag in 5:16: *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

Natuurlik is ons nie die Bron nie, maar die reflektors wat die heerlikheid van die Christuslig op alle terreine van die lewe moet laat skyn. Hieroor is die apostel duidelik in 2 Korinthiërs 4:6:

> *Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.*

## Kersfees is tyd vir gawe én eis

Wanneer ons in hierdie Kerstyd opnuut bewus gemaak word van die Lig wat in die duisternis ingebreek het, is dit eerstens belangrik dat ons weer bewus word van die onuitspreeklike gawe en genade wat ons ontvang het. God se liefde het sy eie Seun gestuur om die sondegordyn weg en oop te ruk. Sy liefdeslig skyn in heerlikheid; 'n lig wat onbeskryflik helder oor ons lewe vonkel.

Terselfdertyd word elkeen van ons egter ook opgeroep tot die eis van ligdraers en ligreflektors. Ons hoor weer die apostel in 2 Korinthiërs 3:

> *Ja, tot vandag toe ... lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem* (v. 15-16).

Laat ons in hierdie Kerstyd opnuut bewus wees van die gordyne wat ons kan oopruk in die Goddelike eis van bekering, om meer en meer die Goddelike vreugde van die Godslig te beleef: *Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here – wandel soos kinders van die lig* (Efés. 5:8).

Leef úit die Lig – en tót die lig!
Geseënde Christusfees.

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Pieter Malan (Marble Hall) na Naboomspruit.
- Ds. Jan Brink (Outjo/Grootfontein) na Frankfort.

### Beroepe bedank

- Ds. Ruan Combrink (Orania) na Naboomspruit.

## BEDIENINGSOOREENKOMS

Bedieningsooreenkoms tussen Namakwaland en Hardeveld, Clanwilliam, Olifantsrivier, Calvinia en Fraserburg.

## PROPONENT BEROEPBAAR



Die Kuratorium het mnr. Dawid Nel op 3 September 2023 weer as proponent gelegitimeer. Hy is beroepbaar tot 9 Maart 2024. Dawid is die eerste gehoor- en siggestremde persoon wat binne die AP Kerk gelegitimeer is.

## SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Februarie 2024** | 14 November | 25 Januarie |
| **Maart 2024** | 12 Januarie | 23 Februarie |
| **April 2024** | 15 Februarie | 25 Maart |
| **Mei 2024** | 6 Maart | 25 April |
| **Junie 2024** | 16 April | 27 Mei |
| **Julie/Augustus 2024** | 16 Mei | 25 Junie |
| **September 2024** | 11 Julie | 26 Augustus |
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

## Advertensietariewe 2024

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R220 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R590 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 250 | R2 700 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 150 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 450 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 350 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 450 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 700 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 800 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# Jesus, Naam bo alle name: Die viervoudige Naam[1]


**Dr. Sinclair B Ferguson**[2]

**Skriflesing:** Jesaja 9:2-7 • **Sing:** Ges. 138:1-3

As jy ongeveer so oud soos ek is, was jou lewe en denke sekerlik ook beïnvloed deur die populêre musiek van die laat sestigs en vroeë sewentigs. En dan onthou jy seker ook Simon & Garfunkel (Amerikaanse sangpaar) se musiek. Ek onthou veral hul lied "7 O'Clock News/Silent Night".[3] Terwyl die bekende melodie klink en die ewe bekende woorde sing, begin 'n nuusleser in die agtergrond oor nuusgebeure van die dag berig: politieke binnegevegte, selfmoord weens 'n oordosis verdowingsmiddel, die moord op nege studenteverpleegsters, die oorlog in Viëtnam. En dan eindig die lied met: "That's the 7 o'clock edition of the news. / Goodnight. / Silent night / Holy night ..."

Die indruk wat die lied by my gelaat het is dat die bedoeling was dat die luisteraar die spanning tussen die Kersfeessang en die werklikheid van die wêreld (politieke onrus, teleurstelling, vrees) moes voel. Maar die Kersevangelie het juis die eerste keer na só 'n wêreld gekom; daar waar dit juis altyd verkondig moet word.

'n Groot dwaasheid is die naïewe aanname dat daar op die een of ander manier 'n soort internasionale vrede in ons wêreld moet wees. As huidige konflikte beëindig kon word, sou die wêreld presies dieselfde plek wees as toe hulle begin het en ander konflikte sal voortduur tot aan die einde van tyd. Daarom is die boodskap van daardie "Stille Nag" so noodsaaklik, want ons mislei onsself as ons dink dat ons lewens stabieler, ons harte rustiger, ons gesinne vreugdevoller sal wees as daar nie oorloë en konflikte is nie. En dit is die rede waarom die profeet Jesaja, nadat hy reeds aangekondig het dat Immánuel (God met ons) sal kom, nou in hoofstuk 9 die beloofde Messias by sy viervoudige Naam noem: *Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors* (v. 5).




## Immánuel is Raadsman

As Raadsman is Hy die wysheid wanneer ons struikel, rondstrompel, as't ware rondtas na iets wat die lewe kan anker. En Jesaja sien dat die Here Jesus 'n Raadsman is – natuurlik vir hulle wat in hul duisternis na Hom toe kom. Maar wat doen ons eerder? Ons kry sogenaamde baasraakfoefies. Ek is eensaam, maar "alles is in die haak". My gewete kwel, maar "ek slaap soos 'n baba". Ons het geen werklike verhoudings waarin ander ons bemoedig en lei nie. Ons hou by ons baasraakfoefies en gee voor dat ons nie regtig verlossing nodig het nie. Dit is die wêreld waarin ons leef. Al ons hiervoor-en-daarvoorfoefies werk téén die werk van God in ons lewens; dit wat Hy in Jesus Christus is: Raadsman.

## Immánuel is Sterke God

Jesaja sê tweedens Hy is die God wat die krag besit wat ons nodig het. Ons beaam mos: "Natuurlik is Hy die magtige God. God is per definisie magtig." Maar die eintlike woord wat Jesaja hier gebruik, het as ondertoon die God wat dinge op 'n heldhaftige manier doen. Vers 3 illustreer dit:

> *... die juk wat op hulle gedruk het, en die stok wat hulle rug getref het, die roede van hul drywer, het U verbreek soos op die dag van Mídian.*

Die meeste van ons weet presies waarvan Jesaja hier praat. Ons weet wat *die dag van Mídian* was. Dit was die dag van Gídeon. Met 300 man, gewapen met ramshorings en kleipotte met fakkels binne-in, laat hulle die Midianitiese leër op die vlug slaan (vgl. Rigt. 7:1-25). Die punt is dat 'n magtige God sy krag demonstreer deur in "swakheid" te red. Dit was een van die redes waarom die apostel Paulus hom in die evangelie verheug het: "Jy weet, die Grieke is altyd op soek na wysheid en intellektuele begrip. Hulle sal glo wanneer hulle, ná 'n verduideliking, verstaan." Watter dwaasheid! Dink ons ons is God dat ons kan verstaan wat Hy doen? "Die Jode soek weer tekens en werke van mag," en daarom sê die apostel dat hulle die feit miskyk dat God se kragtige reddingswerke deur die "swakheid" van sy Seun, die Verlosser, gedoen word – terwyl Hy aan die kruis sterf.

> **Jy sien, jy kan in politieke vryheid leef en steeds die grootste gevangene in die hele wêreld wees – gevange in jou sondes. En Jesaja sien uit na die dag wanneer 'n Verlosser sal kom en deur sy "swakheid" ons vrymaak van ons swakheid – ons skuld en sondelas.**

## Immánuel is Ewige Vader

Jesaja sê verder dat ons 'n Vader se liefde nodig het. Is dit nie 'n verstommende manier om na ons Here Jesus Christus te verwys nie. Wat sê dit? Dat ons behoeftes "aangeneem" moet word; dat die "vaderlike" genade van ons Here Jesus Christus ons in die familie van God moet inbring. Dan het ons vrymoedigheid om God ons Vader te noem.

So dikwels sê mense: "Wel, natuurlik, julle arme Christene, julle het 'n vaderfiguur nodig en dit is waar dit alles vandaan kom." Dit is 'n yslike mistasting, want dit kom van die Bybel af. Vaders het seuns na hul beeld: *Laat Ons mense maak na ons beeld ...* (Gén. 1:26). Ons is gemaak om Hom as ons Vader te ken, maar ons ken Hom nie as ons Vader nie. Ons is van nature verlore kinders wat van ons Vader probeer vergeet; van nature dink ons sleg van Hom. Selfs mense wat oor God se goedheid en liefde praat, se lewens wys dat hulle sleg van Hom dink. Ons is soos rebelse tieners – in opstand teen ons Vader. Ons verlustig ons nie in Hom nie; is nie bly in Hom nie; is nie trots op Hom nie. Ons skaam ons vir Hom. Eers wanneer ons waarlik in die Vaderhuis tuiskom, sal ons kan sê: "Ek voel vir die eerste keer in my lewe geliefd." En dit kan net gebeur deur geloof in die Verlosser, Immánuel.

## Immánuel is Vredevors

Wat is jou grootste Kersfeeswens: wêreldvrede? Hoe kan 'n wêreld vir vrede wens as hulle nie eens vrede met God het nie? Deur ons Here Jesus Christus, die Vredevors, ís die oordeel van God oor ons sondes afgehandel. Nou kan dit oorgaan in die daad om met ander in vrede te leef; om hulle belangriker as onsself te ag; om ons krag vir naastediens eerder as selfdiens te gebruik. Jesus Christus is die Vredevors wat die blywende vrede in die menslike hart bring. Daar is net Een wat sy hande kan uitsteek en sê: "Vrede vir jou siel." En ons sal Hom glo omdat ons die spykerdeurboorde hande kan sien:

> *... Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom* (Jes. 53:5).

En dit alles sal ontvou omdat Jesus Christus: **wonderbare Raadsman** in 'n wêreld van duisternis is: ... *Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê* (Joh. 8:12); **Sterke God** is om ons uit sondeslawerny te verlos: *As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees* (Joh. 8:36); **Ewige Vader** is om ons in God se familie in te bring: *Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe* (Joh. 14:18); **Vredevors** is om al ons skuld uit te delg: *Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie* (Joh. 14:27).

Die Here Jesus is nie net 'n verlosser nie; Hy is die volkome Verlosser. Alles wat ons kortkom en nodig het, word in sy volheid gevind en in sy genade aan ons gegee. Ons kan dus met vrymoedigheid verby die Kersomhulsels kyk en die ware Kersgeskenk daaragter vasgryp. ☺

---

1. Vertaal en opgesom deur Charlotte Möller. Preek is gelewer op 12 Desember 2010. Webwerf: www.firstprescolumbia.org. Aanlyn preke: www.sermonaudio.com/fpccolumbia.
2. Sinclair Buchanan Ferguson is 'n Skotse teoloog wat in gereformeerde Christelike kringe bekend is vir sy onderrig-, skryf- en redaksionele werk.
3. Luister dit hier: https://bit.ly/3QQOPup



# Die ewigbrandende kandelaar in die tempel

**Prof. Koos Adendorff**[1]

**"... hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort." (Ps. 89:6 – berymd)**

Die eerste woorde van God wat in die Bybel opgeteken is, handel oor lig: *En God het gesê: Laat daar lig wees!* (Gén. 1:3). Hierdie majestueuse en gesagvolle opdrag het die stikduisternis waarin die aarde gehul was (vgl. Gén. 1:2), verdryf om die asembenemende skoonheid van God se handewerk aan die lig te bring. Vanaf daardie oomblik het lig deurlopend 'n belangrike rol in die Bybel gespeel. Dit is onder meer metafories gebruik vir God se heerlike teenwoordigheid, soos blyk uit die plasing van die kandelaar in die tabernakel (vgl. Ex. 25:31-40; 37:17-24).

## Die vorm van die kandelaar

Die Hebreeuse woord vir "kandelaar" is *menorah*. Dit is 'n algemene term vir die houer of staander vir iets wat vlam. Dit verwys in die konteks van die tabernakel na 'n staander wat ontwerp is om een of meer antieke lampe te hou, vandaar die alternatiewe vertaling "lampstaander". Dit het gewoonlik 'n basis (voetstuk), 'n stam en 'n houer vir die lamp gehad. Volgens Exodus 25:40 en Númeri 8:4 het die HERE Moses op die berg Sinai die patroon van die kandelaar vir die tabernakel getoon. Moses moes nie daarvan afwyk nie, maar dit getrou volg.

Die kandelaar in die tabernakel moes van suiwer goud gemaak word: sonder onsuiwerhede of vermeng met ander metale. Dit kan ook beteken dat die goud kulties rein moes wees, met ander woorde, dit moes ritueel gereinig en afgesonder word vir diens in die tabernakel. Die kandelaar as geheel is verder deur middel van dryfwerk gemaak, wat beteken dat dit met 'n hamer uit een stuk goud gevorm is. Dit moes 'n besonder moeilike taak gewees het, maar Exodus 35:30-33 meld dat die HERE Besáleël die gawes gegee het om dié kunswerk voort te bring.

**Benewens die voetstuk en stam het die kandelaar kelkies bevat, wat verwys na houers in die vorm van 'n blom of kelk waarop of waarin die olielampe geplaas is. Die knoppe (wat waarskynlik na blomknoppe verwys) en blomme het as versiering gedien.**

Aangesien die kandelaar nie op 'n tafel gestaan het nie, maar op die vloer aan die suidekant van die tabernakel (vgl. Ex. 26:35; 40:24), moes dit redelik groot gewees het, moontlik 1,5 m hoog. Die besonderhede van die kandelaar se ontwerp is egter nie volledig genoeg sodat 'n presiese replika daarvan gemaak kan word nie. Dit is byvoorbeeld onseker of die sewe arms dieselfde hoogte as die sentrale stam moes wees. Elkeen van die arms (sytakke) het ook in die blaarryke basis van 'n knop geëindig, waaruit die blomblare van 'n amandelblom oopgemaak het om 'n blomkelk te vorm wat as 'n lamphouer gedien het. Hierdie knop-en-blommotief is waarskynlik twee keer langs elke sytak herhaal sodat elke sytak drie kelkies gehad het: Uit twee kelkies het telkens 'n nuwe segment van die sytak gekom, terwyl die sytak dan in die derde kelkie as lamphouer geëindig het.

Moses moes ook sorg dat sewe lampe vir die kandelaar gemaak word. Die materiaal waarvan dit gemaak is, word nie genoem nie. Exodus 25:39 suggereer dat dit ook van goud gemaak kon wees. Lampe is in Bybelse tye meestal van klei gemaak, maar daar is geen aanduiding dat dit hier gebruik is nie. Die plasing van die lampe was belangrik. Dit moes só geplaas word dat die lamppitte in dieselfde rigting wys sodat die lig na die voorkant van die kandelaar geval het (vgl. Núm. 8:2-3).

## Die betekenis van die kandelaar

Daar is verskeie menings aangaande die teologiese betekenis van die kandelaar. Een verklaarder[2] sien dit as simbool van die ontwakende boom, wat wil aandui dat die HERE teenwoordig en aktief by sy volk betrokke is. Die lig van die lampe wat nooit uitgedoof moes word nie, dui volgens hom op die HERE se teenwoordigheid in voortdurende waaksaamheid.

Die vorm van die kandelaar het aan 'n boom met sy stam en takke herinner. Die blomknoppe en blomme het die indruk gewek dat die boom in volle bloei is. In sy geheel was dit 'n nabootsing van 'n amandelboom in blom en het dus van lewe getuig. Baie verklaarders[3] meen daarom dat die kandelaar 'n simbool van die boom van die lewe is wat in die tuin van Eden gestaan het.

Die Israeliete was gewoond om die lig van lampe in hul tente te gebruik om die donker van die nag te verdryf. Lig in 'n tent het dus getuig dat die inwoners daarvan tuis is. Die sewe lampe van die kandelaar sou die tabernakel die helderste tent in die Israelitiese kamp gemaak het en in geen onsekere taal gesê het nie: Die Inwoner van hierdie tent is tuis.[4] Wat 'n troos en versekering moes dit nie vir hulle gewees het op hul pelgrimstog na die Beloofde Land nie!

Die posisie van die lamp in die tempel is van besondere betekenis. Dit het, soos reeds aangetoon, aan die suidekant van die tabernakel, in die vertrek wat die Heilige genoem is, gestaan (vgl. Ex. 26:35). Volgens Beale[5] simboliseer die sewe lampe die sewe primêre ligbronne wat vir die Israeliete met die blote oog sigbaar was wanneer hulle na die suidelike naghemel gekyk het, naamlik vyf planete asook die son en maan. Dit maak die Heilige 'n simbool van die sigbare hemelruim en versterk die gedagte dat die kosmos as 'n reusetempel van God gesien moet word.

Die rigting waarin die kandelaar sy lig moes gooi, naamlik na die voorkant, is eweneens van besondere betekenis. Vanuit die posisie aan die suidekant van die tabernakel sou dit sy lig na die noordekant gooi. Dit sou die tabernakel verlig en dit vir die priesters moontlik maak om hul diens te verrig. Daar is egter 'n baie mooi simboliese betekenis aan hierdie voorskrif verbonde. Teenoor die kandelaar, aan die noordekant van die tabernakel, het die tafel met toonbroode gestaan. Die twaalf toonbrode het simbolies na die twaalf Israelitiese stamme heengewys. Die plasing van die kandelaar en toonbrode het dus beteken dat die lig voortdurend op die toonbrode val. Die totale prentjie sê dat Israel voor God se aangesig leef. Die Äronitiese seën kry in die lig hiervan besondere betekenis: ... *die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees* (Núm. 6:25). Psalm 89 herinner Israel hoe welgeluksalig hulle is:



*'n Kandelaar in die lewensgrootte replika van die tabernakel in Israel.*

> ***... o HERE, hulle wandel in die lig van u aangesig (v. 16).***

Die inrigting van die tabernakel (en latere tempel) en spesifiek die plasing en betekenis van die kandelaar, het vir ons as Nuwe Testamentiese gelowiges 'n grootse boodskap: God is ons lig en Hy woon in ons midde. Hy is nooit afwesig nie, maar is altyd by ons op ons pelgrimstog na die beloofde land, ons hemelse Jerusalem. Ons wandel daagliks in die lig wat van Hom afstraal, voort.

---

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos en hoof van die departement Ou Testament aan die APA.
2. J.I. Durham, *Exodus*, vol. 3, Word Biblical Commentary, (Dallas: Word Incorporated, 1987), 365.
3. Onder meer T.D. Alexander, *Exodus*, ed. J.H. Walton, Teach the Text Commentary Series, (Grand Rapids, MI: Baker Books, 2016), 155.
4. D.K. Stuart, *Exodus*, vol. 2, The New American Commentary (Nashville: Broadman & Holman Publishers, 2006), 577.
5. G.K. Beale, *The Temple and the Church's Mission: A Biblical Theology of the Dwelling Place of God*, ed. D.A. Carson, vol. 17, (InterVarsity Press; Apollos), 34-35.



# Sy "lig-gaam" vir ons lewe, waarheid en geluk

**Wynand 't Hart**[1]

**Soos ek hier, vroeg in Oktober sit en skryf, ontplof missiele in Gasa en lê honderde in Israel dood ná bloeddorstige terreuraanvalle deur Hamas. Maar te midde van daardie chaos van 'n byna volskaalse oorlog gebeur nog iets groots – die Jode vier ook fees.**

## Lig: Teken van God se heerlikheid en sy almag

As die laaste van sewe groot feeste, het die Jode aan die einde van September tot vroeg in Oktober die groot Sukkot- of Huttefees gevier. Ons lees van die instelling van hierdie fees vir die eerste keer in Levítikus 23. Dit was 'n agt dae lange fees waarin die Israeliete hutte van allerhande takke moes bou en daarin moes woon (vgl. v. 40), 'n hele klomp offers aan die Here moes wy (vgl. v. 36) en vir sewe dae lank vrolik moes wees (vgl. v. 40). 'n Fees in herinnering aan hoe die Here hulle destyds vir 40 jaar in die woestyn gelei, beskerm en versorg het (vgl. v. 43). Mettertyd het die Jode ander rituele by die Sukkotfees gevoeg. Onder andere het die priesters vroeg elke oggend, gevolg deur 'n skare mense en 'n prosessie van musikante, water by die Silóampoel gaan skep. Hierdie water is dan by die tempel uitgegiet ter herdenking aan die water uit die rots wat God in die woestyn voorsien het.

Daar was nog iets wat gedurende die Sukkotfees plaasgevind het. Vier groot kandelaars is in die vrouehof van die tempel aangesteek en groot feesvieringe het in daardie lig plaasgevind.[2] Manne, met brandende fakkels in die hand, het die aande al singende deur gedans en die Levitiese orkeste het nie op hul laat wag om in die vreugde te deel nie. Hierdie Joodse "liggiefees" is as herinnering aan God se heerlikheid, wat soos 'n brandende vuurkolom die volk in die woestyn gelei het, gehou.[3] Vir sewe van die agt aande wat hierdie fees aan die gang was, het die honderde fakkels, kandelaars en olielampe in die tempel die vrolike aande verlig (amper soos wat ons nou in Desember oral om ons sien). Maar op die laaste aand (die agste aand), was die tempel donker en het die kandelaars ophou brand en die feesvieringe bedaar.[4] Die lig van die kandelaars was ten slotte net 'n herinnering aan die heerlikheid van God wat so naby aan Israel daar in die woestyn was.

'n Duisend jaar en meer het intussen verloop en die helder heerlikheid van God het sy volk nog nie weer kom verlig nie. Op daardie dag, die laaste dag van die fees, gaan staan die Here Jesus in die tempel by die uitgedoofde kandelaars en roep uit:

> *Ek is die lig van die wêreld, wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê* (Joh. 8:12).

"Ek is die lig van die wêreld," sê Jesus self. En Johannes skryf dit wat die Here Jesus van Homself getuig reeds in die eerste hoofstuk van sy Evangeliebeskrywing: *In Hom* [Jesus] *was die lewe, en die lewe was die lig van die mense* (v. 4). Hierdie metafoor vir die Here Jesus as die lig bring die apostel direk in verband met die skeppingsgedagte. In Génesis 1 hoor ons die almagswoorde van God wanneer Hy heel eerste, te midde van die duisternis oor die watervloed, sê: *Laat daar lig wees! En daar was lig* (v. 3).

## Lig: Vir lewe, waarheid en blydskap[5]

Vir enigiets om te kan bestaan, is lig nodig. Daarsonder is plantegroei, voedsel en uiteindelik ook jou en my asemhaling, hartklop en breinfunksie – feitlik alle selle se bestaan – onmoontlik. Lig is daarom 'n primêre bestanddeel vir die lewensonderhoudende klimaat van die kosmos. Lig is ook noodsaaklik vir kennis van die waarheid. As lig teen 'n boom terugkaats tot teen my retinas, weet ek dat ek om die boom moet loop as ek nie daarin wil vasloop en seerkry nie. In die donker loop ons in goed

vas want ons kan die werklikheid en "waarheid" daarvan nie waarneem nie. Met lig is kennis moontlik en met kennis die waarheid. Lig is ook 'n groot bron van geluk! Terneergedruktheid is algemeen onder mense wat die son, soos in die lang, donker maande van die Skandinawiese lande, nie baie sien nie.

Ek ken 'n dominee wat as student in die groue weer van Kampen, Nederland, 'n plakkaat van blou lug teen sy kamer se plafon geplak het om hom te herinner aan hoe mooi lig is! Lig is goed vir die gemoed, dit dra by tot blydskap. Met dit alles gesê, het lig ook 'n ander kant wat bitter gevaarlik is. Dink maar net daaraan: Sonder die beskermende osoonlaag is die bron van ons lig, die son, dodelik – dan beëindig dit die lewe. Verder kan te veel lig my uiteindelik verblind. Dan ontneem dit my eerder van kennis as wat dit daartoe bydra. En laastens is lig die groot "bekendmaker". Dit vlek die donkerste hoekies oop, wys die sonde en neem die geluk weg.

### Lig: Vir trane, dood – én lewe!

Dit is nou die groot dilemma: Die einste ding wat ons so nodig het, is die einste ding wat ons gaan doodmaak as ons dit kry. God is lig en die Een wat lewe gee en Hóm het ons nodig. Maar niemand kan sy heerlike lig sien en bly leef nie! Sónder die lig sterf ons; mét die lig sterf ons. As die heerlike Lig maak God die waarheid aan ons bekend. Maar dit is dié waarheid wat ons die dood laat sien. Sónder die waarheid sterf ons; mét die waarheid blyk dit dat ons reeds dood is. Elkeen wat sy "doodsondige" hart in waarheid sien, kan nie bly wees nie. Die heerlike lig van God wat ons moet bly maak, is die lig wat ons trane laat stort.

Nou vergelyk die Here Jesus Homself met hierdie lig. Hierdie metafoor dra manjifieke diepte! Jesus Christus, as die "be-lig-gaming" van die Vader, verlaat die heerlike, hemelse lig om as Middelaar tussen ons en die Vader te kom intree. In Hom kan ons die volle, lewegewende Lig aanskou sonder om te sterf! Hy kom as die afskynsel van God se heerlikheid na ons toe en die waarheid aangaande Hom word openbaar gemaak: *Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het*. Maar Hy kom lê sy regverdige, volmaakte, sondelose lewe vir ons af sodat ons met die Vader versoen kan word en die waarheid aangaande onsself kan hoor: Júlle is my geliefde kinders in wie se lewe Ek, deur my Seun se dood, 'n welbehae het. Jesus Christus word van alle blydskap aan die kruis ontneem wanneer die Vader Hom verlaat sodat ons deur sy hartseer regtig bly kan wees; Jesus Christus het sy volkome regverdigheid my volkome toegereken en my sonde weggeneem!

**Die Here Jesus is daarom nie net die Skepper wat daar aan die heel begin die lig deur die duisternis laat breek het nie, maar Hy is ook die Herskepper!**

Hy is daarom die lig wat weer die duisternis oor die sondebevange wêreldvloed deurbreek. Hy is die een wat nuwe lewe, die wedergeboorte, die herskepping, moontlik maak. Hy is die waarheid-lig wat ons nie tot wanhoop nie, maar tot hoop dryf. Hy is die skitter-lig waarin ons volkome blydskap lê. In sy lig, sien ons die Lig.

*Ek is die lig van die wêreld* ... Die Here Jesus sê daarmee dat Hy die heerlikheid van God is wat Israel weer kom besoek het. Hy is die vuurkolom in die woestyn, maar nou in groter heerlikheid. Daarmee sê hy dat hy die Kandelaar is wat nooit uitgedoof sal word nie, ook nie op die laaste dag nie. Daarmee bevestig Hy dat Hý, te midde van missiele in Gasa, massamoorde in Israel, Kersliggies wat ophou skyn, die donker en die chaos van 'n radelose wêreld, die Lig is wat nie oorweldig kan word nie.

1. Lidmaat van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Meintjeskop en vierdejaar teologiese student aan die APA.
2. Die vrouehof is daar waar die skatkis ook gestaan het (vgl. Joh. 8:20).
3. J. Tasker, *TNTC*, 1960, 113.
4. J. Morris, *NICNT*, 1971, 327.
5. Timothy Keller se preek: "I am the Light", Nov. 1998.


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068 • Takkode: 632 005
*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*



# Wees kinders van die lig: Wees 'n lamp én 'n stad

**Johannes Broekman**[1]

**Ons ken kragonderbrekings! Dit raak ons orals. Sonder straatligte kan ons nie uitmaak of 'n omgewing veilig is of nie. Wanneer ons saans ry, probeer ons byvoorbeeld die donker strate vermy. Donker strate is gevaarlik, want sonder verkeersligte is daar gou chaos. Wanneer daar wel krag is, skyn die straatligte soos 'n baken in die donkerte.**

Vir mense wat gereeld sonder krag (en lig) is, dink ons maar min oor die besondere effek wat lig op ons lewens het; hoe 'n tekort daaraan ons daaglikse verantwoordelikhede strem. 'n Tekort aan lig veroorsaak nie net fisiese duisternis nie, maar ook geestelike duisternis. Dan verkeer mense ook in gevaar. Die mens wat in die donker rondtas, kan God byvoorbeeld nie behoorlik dien nie. Daarom dat Christus vir ons in Matthéüs 5:16 sê:

> *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

## Lig wil mense laat sien!

Daar is baie mense wat in geestelike duisternis verkeer. Hulle reik na enigiets wat moontlik kan help: wetenskap, plesier, die staat, vals godsdiens. Hierdie dinge gee egter nie vir hulle lig nie – dit is uiteindelik ook net kragonderbreking op kragonderbreking. Dit is ter wille van hierdie mense dat Christus ons beveel om ons lig te laat skyn. Ons moet in die wêreld, deur ons lewenswyse, van God se koninkryk getuig. Mense moet na Christene kyk en die lig van God se koninkryk sien: 'n Lig wat, soos in 'n straatblok wat nooit kragonderbrekings het nie, byvoorbeeld gevare uitwys. Die Engelse skrywer CS Lewis het eens gesê dat hy in die Christelike geloof glo soos hy glo dat die son opkom; nie net omdat hy die son sien nie, maar omdat hy daardeur álles sien. Wanneer mense na Christene kyk moet hulle weet dat, ten spyte van die duisternis in die wêreld, húlle tog sien. So kan hulle uiteindelik vra Wie die lig is waardeur Christene kan sien.

Christus sê in Matthéüs 5:14-15:

> *Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.*

Ons moet daar buite soos 'n stad op 'n berg en by die huis soos 'n lamp op 'n staander skyn. Maar waar kom hierdie lig vandaan? Ons leef tog nie só perfek dat ons kan sê dat ons ware lig is nie? Paulus verduidelik in Efésiërs 5:8: *Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here – wandel soos kinders van die lig.* Ons kán opgeroep word om soos kinders van die lig te wandel en om lig in die wêreld te wees juis omdat ons ín die Here is – omdat die Gees ons ín Christus ingeplant het. In Christus ís ons lig en aap ons dit nie net na nie. Wanneer daar fout met ons lewens is, lê die antwoord gewoonlik nie daarin om harder te probeer nie (alhoewel ons soms net lui kan wees), maar dat ons vergeet het in Wie ons ons krag (en lig) vind. Ons kan soos 'n stad op die berg en soos 'n lamp op 'n staander skyn omdat ons deel van God se koninkryk geword het. Ons wíl skyn omdat ons wat deur Christus nou kan "sien", ander mense wil wys wat dit beteken om te kan sien.

## Lig skyn só om ander te laat sien

Hoe behoort ons dan te skyn? Wat beteken dit om lig te wees? Dit lê daarin om so te leef dat ons van Christus, wat die Lig is, getuig. Die son is soms vir mense te helder en fel; hulle skuil agter een of ander skans. God gebruik ons egter soos die maan – ons lig lê daarin dat ons Hóm weerkaats sodat mense daardeur kan sien wat dit beteken om in Christus en deel van God se koninkryk te wees. Daar is nie eenvoudige "stappe vir lig wees"

nie. Christene is in Christus ingeplant en met die Gees vervul (vgl. Efés. 5:9, 18). Tog noem Paulus dat ons alles moet beproef om uit te vind wat God se wil is (vgl. Efés. 5:10) omdat die lewe in sy uniekheid meer dinamies is as "pas hierdie stappe toe". Ons moet God se wil in ons gesin én daar buite nastreef. Ons moet deurlopend vra of ons met God as hoogste prioriteit leef. Om lig te wees, soos ons in Matthéüs 5:16 sien, behels goeie werke, maar dit gaan hier nie net om goeie dinge te doen nie. Christus verduidelik in die res van die Bergprediking dat dit oor die hart van die daad gaan: Wat is jou motief met die daad? Doen jy dit omdat jy God liefhet of om ander redes?

Baie mense tree goed op, maar nie omdat hulle God liefhet nie. Hierdie optrede is gewoonlik in trots, of vrees vir straf, gegrond. Die gevolg is dat hulle gereeld "kragonderbrekings" in hul morele lewens ondervind. Hulle besef dat hulle in duisternis (sonde) vasgevang is, maar besef nie dat die eintlike rede is dat hulle nie die ware, standhoudende Lig soek nie. Jonathan Edwards verduidelik dat ware deugdelikheid daarin lê om goed te doen omdat jy goedheid én die God wat goed is, liefhet. Jy is 'n lig omdat jy, as kind van die lig, die Lig liefhet.

Die stad op die berg kan nie weggesteek word nie – straatblokke sonder kragonderbrekings staan uit! As lig staan ons uit in die duisternis. Dit is wat Paulus in Efésiërs 5:11 bedoel wanneer hy sê:

> *... en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.*

As lig kán ons nie deel van die duisternis wees nie – ons staan ook net te veel uit. Hoe kan lig soos duisternis lyk? Ons mag nie saam met die wêreld so deel in die sonde dat mense nie sonde sien vir wat dit is nie! Tog beteken die woorde "hou nie gemeenskap met ... die duisternis nie", nie dat ons die wêreld totaal en al moet vermy nie. Ons moet juis ín die wêreld, ín die donker plekke staan om te wys dat dit nie is hoe dit hoort nie.

Die Griekse woord ἐλέγχετε (wat in v. 11 met *bestraf* vertaal is) beteken "om iemand skuldig te bevind" of "om iemand tereg te wys" of "om iets uit te wys". Wanneer ons lig is, wys dit vir die wêreld wat dit werklik beteken om in vryheid te leef. Die bestraling deur 'n kernbom veroorsaak dat mense se skaduwees teen geboue vasgebrand word. So moet dit wees wanneer ons as lig skyn. Sonde moet so "bestraal" word dat "sondige skaduwees" duidelik uitstaan en ons kan vra: Is dit regtig hoe 'n mens moet leef? Dan is dit ook nie omdat ons nooit sondig nie, maar omdat ons die mense kan wys op die Een wat nie gesondig het nie, in Wie ons nou soos kinders van die lig kan wandel.

### Lig wil orals laat sien

Vandag redeneer mense dat geloof 'n private saak is. "Skyn maar jou lamp in jou huisie," wil hulle sê, "maar moet net nie jou geloof hier op die skoolterrein of in die werksplek sigbaar maak nie." 'n Stad op die berg kan nie weggesteek word nie. As kinders van die lig kan ons nie anders as om uit te staan nie – ons moet tegelyk die sonde uitwys en na die Lig wys. Dit kan egter so maklik gebeur dat ons te ongemaklik is om sondes onder ons geliefdes uit te wys. Verandering begin by gesinne – die basiese blokke van die samelewing. Vandaar moet ons as gesinne in die wêreld daar buite skyn. Van lampe in huise word ons dan saam die stad op die berg. Dan skyn ons by die huis, maar ook in die klas, die kantoor en op die plaas. As kinders van die lig en ligdraers van die ewige Lig, getuig ons van 'n koninkryk sonder kragonderbrekings.

1. Lidmaat van die AP Kerk Verwoerdburg en vierdejaar teologiese student aan die APA.

**ADVERTEER IN *DIE BOODSKAPPER*!** Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

# Predikantekonferensie 2024



Hierdie grootse gebeurtenis wink vir die nuwe jaar. En gaan dit nie groot wees nie! Want vyf belangrike sake wat die hart van die kerkverband raak, gaan hartgrondige aandag geniet: Opening AP Akademie, Teologiese dag, Teologiese opleiding, Leraarsamekoms, Sinodale kommissiewerk. Die konferensie skop af by die AP Kerk Pretoria-Oos met ons gewaardeerde prof. Koos Adendorff wat die toewydingsdiens lei.

'n Grootse gebeurtenis vra vir 'n grootse tema: **"Voete van bereidheid!"** Hierdie tema wil die aandag vestig op die werking van die Heilige Gees onder ons en in hierdie tyd. Die fokus is die uitvoering van die groot opdrag: *Gaan dan heen ...* (Mt. 28:19). Allermins 'n opsionele opdrag! 'n Kerk wat die waarheid leer, lyk so: missionêr. Ons vra vars na die doel van sending, bid saam vir die nog onbereiktes, kyk na die huidige stand van sendingdenke, oorweeg selfs 'n afsonderlike formulier vir sendelinge.

Die profiel van 'n deursneepredikant van die AP Kerk word bespreek. 'n Dinkskrum vind ook plaas oor die leergang van voornemende studente vir die BDiv-graad en die Kerklike Lisensiaat ('n sesjaarstudie). Elke aand wil ons graag bestaande bande versterk en nuwes smee, om die bruising van na buite gerigte leierskap te voel!

Saam bid ons die woorde van die Onse Vader: *Laat u koninkryk kom* (Mt. 6:10). Dit is: "Regeer ons so, deur u Woord en u Gees dat ons, hoe langer hoe meer, ons aan U onderwerp; bewaar en vermeerder u kerk; vernietig die werke van die duiwel ..." (HK So. 48 v/a 123).

**BELANGRIKE INLIGTING**
**Datum:** Sondag 21 tot Vrydag 26 Januarie 2024 | **Plek:** AP Kerk Pretoria-Oos en Eden Kampterrein, Cullinan | **Opening:** AP Kerk Pretoria-Oos (Sondag om 18:00)
**Registrasie:** Eden Kampterrein (Maandag om 12:00)
**Kontakpersone:** Ds. Johan Schütte vir administratiewe reëlings: direkteur@apk.co.za
Prof. Johan Bosman vir programreëlings: johan.bosman@apa.ac.za


## Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

WEES BARMHARTIG

ONS BIED DIE VOLGENDE:
24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.


PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720
Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830
1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

**Kontak die bestuurder vir enige navrae: Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**



# BARMHARTIGHEID AAN BEKEERDES

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR
(LIDMAAT VAN DIE AP KERK MOSSELBAAI)
*Erkenning: Ds. Lourens Prinsloo, "Barmhartigheid: Barmhartigheid aan bekeerdes," in* Onder sy Heerskappy, *336.*



**DWARS: Jesaja 55:1-13**

1. Lewensmiddele (Jes. 55:10)
6. Betaalmiddel (Jes. 55:1)
10. Blye ingesteldheid (Jes. 55:12)
11. Om uit ballingskap weg te trek (Jes. 55:12)
12. Gratis drinkgoed (Jes. 55:1)
13. Hulle moet tot God bekeer (Jes. 55:7)
15. Hulle word soekers na God (Jes. 55:5)
17. Bestaansmiddel (Jes. 55:1)
20. Nie ver van jou af nie (Jes. 55:6)
21. Om bevredigend tot stand te bring (Jes. 55:11)
22. Regeerder van die nasies (Jes. 55:4)
23. Resultaat van dinkwerk (Jes. 55:7)
25. Psige van die mens wat lewensvreugde ervaar (Jes. 55:2)
26. Hulle word verkondigers van God se lof (Jes. 55:12)
29. Ysvlokkies wat van die hemel neersif (Jes. 55:10)
30. Deur hul arbeid jaag die mens hierdie doel na (Jes. 55:2)
31. Plek waar God woon (Jes. 55:9)

**AF:**

1. 'n Deel van God se skepping wat juig (Jes. 55:12)
2. Om die aarde nat te maak (Jes. 55:10)
3. Simboliek van vernuwing (Jes. 55:13)
4. Werksaamheid vir jou behoud (Jes. 55:2)
5. Om sondes uit te wis (Jes. 55:7)
6. Dawid word as bevestiger deur God aangestel (Jes. 55:4)
7. Hulle maak plek vir die mirtebome (Jes. 55:13)
8. Hulle loof God met handgeklap (Jes. 55:12)
9. Opmerksaam (Jes. 55:2)
14. Om sonder perke te jubel (Jes. 55:12)
16. Plaasvervanger vir die doringbos (Jes. 55:13)
18. Weens sy aard koester hy kwade gedagtes (Jes. 55:7)
19. Simbool van oorvloed (Jes. 55:2)
21. Reaksie op God se roepstem (Jes. 55:7)
22. Godgegewe rus en kalmte (Jes. 55:12)
24. Om uiting te gee aan vreugde (Jes. 55:12)
27. Die beskikkinge van God (Jes. 55:8)
28. Die aanwas hiervan voorsien brood aan die eters (Jes. 55:10)



# Lig as metafoor van God se oordeel

**Ds. Pieter le Roux**[1]

**Lig het alles te make met sien, want ons sit ligte aan om te kan sien. Die Here Jesus sê in Mattheüs 6:22 dat die lamp van die liggaam die oog is en verder leer die Bybel ons *dat die HERE sy aangesig oor ons* [sal] *laat skyn* ... (vgl. Núm. 6:25). Hiermee verstaan ons dat God alles (ook sonde) sien; dat Hy in guns na sy kinders kyk.**

## Lig en die regspraak

Dit is voor die hand liggend dat "lig" in alle regspraak nodig is. Howe is afhanklik van lig om die waarheid van die getuienisse van ooggetuies (en ander getuienis) te beoordeel. In die lig van getuienis maak die hof dan 'n oordeel oor skuld, al dan nie. Misdadigers weet: Die lig van ooggetuies is vir hulle verdoemend.

Misdadigers weet ook goed dat die hof lig nodig het. Daarom doen hulle alles in hul vermoë om nie gesien te word wanneer hulle misdaad pleeg nie. Gedurende die lugaanvalle in Londen tydens die Tweede Wêreldoorlog het die stad hul straatligte afgeskakel. Daarmee kon hulle die Duitse bomwerpers se taak bemoeilik deur sigbaarheid te beperk. Maar die donker strate het 'n ander probleem tot gevolg gehad – misdaad het hand oor hand toegeneem! Waarom? Duisternis gee misdadigers geleentheid om hul bose dade te doen sonder dat iemand sien. Die kwaad gedy in duisternis. Daarom installeer ons oral "oë" om misdaad te probeer bekamp.

## Lig en die laaste oordeel

Die verband tussen sigbaarheid (lig) en veroordeling (van kwaad) kom ook in die Bybel voor. Dit is duidelik dat alles wat nou nog weggesteek (in die duister) is, met die laaste oordeel aan die lig sal kom. Die Here Jesus sê in Markus 4:22:

> *... daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie ... niks weggesteek nie of dit moet in die lig kom.*

En in Prediker 12:14: ... *God sal elke werk bring in die gerig ... oor al die verborge dinge, goed of sleg* (vgl. 1 Kor. 4:5). Daarom is die finale oordeel verskriklik vir dié wat sonder bedekking is. Met die wederkoms sal alles tegelyk aan die lig kom; alle boosheid sal geopenbaar word. Dit sal so erg wees dat ons lees van die uitroepe van ongelowiges: *Val op ons! ... Bedek ons!* (Lk. 23:30). Dit is inderdaad vreeslik om in die hande van die lewende God te val (vgl. Hebr. 10:31). Die Bybel praat ook dikwels oor die *toorngloed* van God wat oor die sonde skyn, om dit uit te wis (vgl. Jes. 13:9).

## Lig is genadetyd

As al ons bose werke op een slag aan die lig moet kom, sal ons vergaan. Die mens kan nie blootgestel wees aan die volheid van die lig van God se aangesig en bly lewe nie (vgl. Ex. 33:20; 1 Tim. 3:16). God het egter deur sy genade sy Lig – die ware Lig – vóór die finale oordeel gestuur. Maar Hy stuur dit op so 'n wyse dat dit ons nie vernietig nie! Die Here Jesus is hierdie ware Lig. In Hebreërs 10:20 word sy vlees (menslike natuur) 'n sluier (voorhangsel) genoem. Hoewel Hy die ware Lig is, is daardie "lig" nogtans vir ons gesluier sodat die mens met sy verskyning nié in 'n oomblik verteer sou word nie.

Ons kan hier dink aan die voorbeeld van 'n sweislig. Om direk na 'n sweislig te kyk, beskadig die oë. Maar met 'n sweisbril kan ons na die lig van die vlam kyk sonder benadeling. Christus se menslike natuur is die sluier wat maak dat ons die lig van God kan sien sonder om daardeur vernietig te word. Met die Here Jesus se verheerliking op die berg het die sluier effens oopgemaak, om direk daarna weer toe te maak. God gee dus vir ons genadetyd. Hy gee geleentheid om aan sy lig blootgestel te wees sonder om daardeur vernietig te word.

Die Here Jesus se lig ontbloot mense se sonde. Maar die wyse waarop Hy sy lig laat skyn, is vol genade. Dink maar aan sy gesprek met die Samaritaanse vrou by die put (vgl.

Joh. 4.) Sy, wat 'n onreine lewe leef, bevind haarself in gesprek met die Seun van God. As sy maar net geweet het hoe heilig Hy is! Jesus laat egter sy lig só skyn dat sy nie vernietig word nie. Haar sonde word wel ontbloot, maar sy vergaan nie. Met die ryk jongman laat die Here sy lig op sy sonde skyn sonder dat hy daardeur verteer word! Die Lig (Jesus Christus) se eerste verskyning was dus met bedekking. Hy kom in die tyd van genade. Sondaars het geleentheid om na die Lig te kom, sonder dat hulle vernietig word.

Het hulle dit gedoen? Nee! Ons lees in Johannes 1 dat die ware lig wat elke mens verlig, aan kom was in die wêreld, maar ... *die wêreld het Hom nie geken nie* (v. 10). Die Here stuur sy Seun. Hy laat die lig verskyn (met die genade van 'n sluier), maar ... *sy eie mense het Hom nie aangeneem* nie (v. 11). En dan verduidelik Johannes 3 die oordeel: ... *die lig* [het] *in die wêreld gekom ... en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos* (v. 19). Die mense wil hulle nie tot die lig bekeer nie en kies om in die duisternis te bly omdat die duisternis hul bose werke wegsteek. Die Here Jesus maak dit duidelik: Nie alleen het hulle die duisternis meer lief as die lig nie – hulle háát die lig:

> *Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie* (v. 20).

Die mens verdien reeds die oordeel van God se toorngloed weens sy rebellie (sonde) teen God. Dit is al erg genoeg! Hoe groter dan die oordeel as die geleentheid tot vergifnis verwerp word? Anders gestel: Die lig van God se aangesig verteer elkeen wat sonde doen. Hoeveel te meer sal die lig van God se aangesig diegene verteer wat die geleentheid om na die (gesluierde) Lig te kom, verwerp! Kom na die Lig terwyl die tyd nog daar is. Ons leef steeds in die genadetyd. Elkeen wat nóú na die Lig kom, se sondes word vergewe.

Die lig van die evangelie van Jesus Christus maak ons bewus van ons sondes; bring dit inderdaad aan die lig. Dit is nie aangenaam nie, maar eerder nou beangs as later veroordeel! Eerder nou die onaangenaamheid van ontbloting hê as eendag se ewige verdoemenis:

> *Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik* (Jes. 55:6-7).

Ons leef in die genadetyd; ons kan die oordeel ontvlug.

## Lig en heiligmaking

Wanneer die mens na die Lig kom, word sy sondes ontbloot. En sondebelydenis bring vergifnis. Jesus Christus bedek die vuilheid en skande van ons sondes met sy bloed. Met die koms na die Lig word daar 'n proses van groei na die Lig in werking gestel. Ons noem dit heiligmaking. Christus (die Lig) skyn toenemend deur sy Woord in die lewe van 'n Christen. Die lig van sy Woord bestraf die sonde in ons lewens. Ons het die opdrag om mekaar met die Woord te bedien sodat die lig in die donker plekke van ons lewens skyn. Kom ons gee ag op medegelowiges wat uit liefde ligte aanskakel in die donker vertrekke van ons lewens; met die flitslig van die Woord ons op ons sondes wys. Kom ons help hulle ook so aan.

Laat ons eerder nou die bestrawwing van God se Lig deurgaan, terwyl dit vir ons gesluier is. Met Christus se wederkoms sal God elkeen wat nie in Hom (sy Lig) is nie, vernietig. Groei nader aan die Lig want dié wat in Hom is, sal sy aangesig sien; sal vir ewig daarin lewe. Nóg son, nóg maan sal nodig wees, want Jesus Christus is self die Lig.

---

1. Leraar van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort.


**Kaapland-Geloftefees:** Moreson-plaas (net buite Malmesbury) | 15 Desember: 18:00 Kultuurprogram; 21:00 Aandgodsdiens | 16 Desember: 08:30 Verwelkoming en feesrede; 10:30 Erediens: Ds. Jan Fourie; 12:00 Bring & braai | Kontak: Callie Liebenberg 083 414 2584 of Ben du Toit 062 471 6407

**Geloftefees Mosselbaai**

Mosselbaai Stadsaal | Tyd: Saterdag, 16 Des 2023, 09:00
Prediker: Ds. Danie van Dyk | Geleentheidspreker: Willie Spies
Afsluiting: Lees van die Gelofte en sing van "Die Stem"



# Lig as metafoor van God se heerlikheid

**Ds. Jaco Nel**[1]

**Vroeg een oggend word ’n jongmeisie deur haar ma aangesê om die huis af te stof. Sy begin pligsgetrou met die taak: die tafels, die rakke, die banke, ander oppervlaktes word afgestof. Later die dag inspekteer haar ma die werk en spreek ’n mate van teleurstelling uit. “Kyk na al die stof,” sê sy terwyl sy met haar vinger oor ’n sy-tafeltjie vee. Die dogter besef dadelik wat gebeur het en verduidelik: “Ek het vanoggend afgestof. Ek sien nou eers al die stof in die helder middagson!”**

## Lig: Om die heerlike te kan sien!

So is dit ook met God se heerlikheid. Ons sien dit werklik eers wanneer God ons oë deur sy lig oopmaak. Dit is asof daar ’n blindheid oor ons is sodat ons nie kan insien in die Skrifte nie; sodat ons met die Bybel in die hand Christus in sy heerlikheid miskyk. Maar nou die heerlike feit dat, oral waar die evangelie verkondig word, daar lig op ons skyn sodat ons die Woord van God verstaan en ons oë oopgemaak word om Hom in sy heerlikheid te sien. Soos daardie blinde man wat in Jerusalem by die poorte van die tempel gesit het ...

Hy het die gesprek tussen die Here Jesus en sy dissipels waarskynlik gehoor:

> *So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld* (Joh. 9:5).

Sou die blinde man kon begryp wat Hy bedoel het? Op daardie dag het die Here nie net sy blindheid genees nie. Nee, Hy doen iets meer – Hy open sy oë om die Lig van die wêreld te sien, die heerlikheid van God wat deur Hom skyn. Reeds by ’n vorige geleentheid het die Here Jesus gesê dat Hy die lig van die wêreld is en dat hulle wat Hom volg, nie in die duisternis wandel nie. Daar het Hy die lig in ’n objektiewe sin bedoel – as bron van lig. Nou bedoel Hy dit in ’n subjektiewe sin – as die “oopmaak” van oë. Die objektiewe kant sê dat daar lig daarbuite is; die subjektiewe kant sê dat jou oë die Lig moet kan sien. Híérdie Lig sou die blinde man lei om iets heerlik te sien.

Dié gebeure speel af waar die Here die tempelterrein verlaat nadat Hy die Jode daarop gewys het dat Abraham, hul voorvader, gejubel het oor die dag van Christus se koms. En hier staan Hy nou voor hulle, Hy wat voor Abraham reeds was: ... *voordat Abraham was, is Ek* (Joh. 8:58). Maar hulle is blind en sien Hom nie. En dan wil hulle Hom stenig. Op pad uit sien die Here die blinde man. Daar is dus ’n verband tussen dié twee sake: om Jesus van Násaret te sien vir wie Hy is, en blindheid.

## Lig: Om in ’n ander lig te sien

Om iets heerlik te sien is wonderlik. Ons is bedraad om ons grootste vreugde te vind in die aanskoue van skoonheid, grootsheid, majesteit – dit wat die Bybel “heerlikheid” noem. Dit is waarom mense duisende kilometers ver reis – om iets te sien van die wonderlike heerlikheid wat die aarde bied: watervalle, oseane, berge. En soms is dit nie net plekke nie, maar mense wat ons in verwondering laat: volke, kulture, beskawings. Tog is die grootste heerlikheid wat ’n mens kan aanskou: Om God in Christus te sien; om met geopende oë die Lig van die wêreld te aanskou. Johannes beklemtoon ook dat hy en die ander apostels die heerlikheid van Christus aanskou het (vgl. Joh. 1:14). Wat is dit wat hulle in Hom gesien het wat so heerlik was? Waarin skyn die heerlikheid van God so duidelik in Christus? Sy heerlikheid lyk heeltemal anders as wat ’n mens sou verwag. Dink maar net aan die geboorte van die Here. Daar was niks van aardse heerlikheid nie. Die engele bring die tyding van die geboorte aan skaapwagters, nie aan die hoëpriester of ’n koning nie. Toe die Seun van God mens word, gebeur dit nie in ’n paleis nie, maar in ’n stal. Eenvoudiger kon dit nie.

Kyk 'n mens na Jesus van Násaret, kan jy seker met reg vra: Is dit nou die beloofde Messias? Is dit nou die beste wat God kon doen? Hierdie eenvoudige man uit Galiléa, wat alles behalwe "heerlik" lyk! Die Lig van God se heerlikheid (wat skyn!) lyk met wêreldse oë so on-indrukwekkend. Sy "gebrek" aan heerlikheid blyk verder ook uit sy weerloosheid. Mense het aan Hom gedoen wat hulle wou. In die gelykenis van die landbouers (vgl. Lk. 20:9-18) vertel die Here hoedat die eienaar van die wingerd uit radeloosheid oor die ontrou van die landbouers, uiteindelik sy seun na hulle stuur om die huurgeld te gaan haal met die gedagte: Hulle sal tog nie my seun iets aandoen nie. Maar die mense het anders gereken: *Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak, sodat die erfdeel ons s'n kan wees* (v. 14). So het die mense aan die Here Jesus gedoen wat hulle wou. Hy was verag, verlaat, krank. Hulle het in sy gesig gespoeg, geslaan; Hom gespot en Hom uiteindelik gekruisig. Weereens skyn die lig van God se heerlikheid hier anders as wat 'n mens sou verwag; jou oë word geopen om Hom in 'n ander lig te sien.

## Lig: Om God te sien

Wat is hierdie heerlikheid wat Johannes en die apostels dan gesien het? Wel, dit was natuurlik iets anders as die aardse heerlikheid wat ons onsself gewoonlik voorstel. Dit het 'n ander inhoud en kwaliteit gehad. Christus se armoede, weerloosheid, eenvoud, lyding – alles is vol heerlikheid omdat dit sy liefde vir ons openbaar.

Hy was nie te belangrik om vir ons verneder te word nie, maar Hy ontledig Homself deur vir ons slaaf te word. Juis in hierdie selfontlediging, in sy armoede en lyding, in sy weerloosheid en kruisiging, kom daar triomf oor die sonde. En dan, juis in Hom, skyn die lig van God se heerlikheid op sy duidelikste. Soos vir die blinde man by die tempel kom dit nie "sommer net" nie. Lig en heerlikheid word nie onmiddellik, in dieselfde asem, genoem nie. Enige mens wat na Christus kyk en in Hóm na die lig van God se heerlikheid soek, sien die teenoorgestelde. Dit verg oë van geloof om in sy vernedering die heerlikheid van God te sien skyn. Jou oë moet oopgaan, verlig word – God moet in jou hart skyn.

> ***Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus*** **(2 Kor. 4:6).**

Wie die Here Jesus Christus gesien het, het die Vader gesien. God se heerlikheid skyn vreemd in ons wêreld, omdat ons wêreld sondig is. Die dinge wat vir ons die hoogste waarde het, tel dikwels heeltemal niks by God nie, en omgekeerd. Daarom loop ons altyd weer gevaar om ons so te verkyk aan die buitengewone, die spesiale, dat ons die eenvoudige oopmaak van ons oë vir die dieptes van Gods Woord, maklik te gewoon en vervelig kan vind. In die proses stof ons met groot ywer af, maar sonder die lig van God se heerlikheid wat in Christus weerkaats, sien ons nie werklik waar ons misgevee het nie.

Wie se oë oopgemaak is, sien hoedat die evangelie soos 'n helder spieël die beeld van Christus weerkaats. Daardeur leer 'n mens Hom ken en omhels jy Hom in sy heerlikheid. Die lig gaan op daar waar mense deur die Gees van God gelei word om Christus in sy heerlikheid te sien as die Lam wat vir ons geslag is; wat vir ons verneder is; wat ons met 'n duur prys gekoop het; wat deur God opgewek is; wat vir ons aan die regterhand van God intree. In dié sin is lig om met geopende oë Christus in sy heerlikheid te sien – die Lig van die wêreld wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God: ... *in u lig sien ons die lig* (Ps. 36:10).

1. Leraar van die NG Kerk Porterville.

**EDENPARK KAMPEEROORD**

Edenpark Kampeeroord is in die hartjie van die Waterberg-distrik geleë, 14 km buite Naboomspruit. Ons bied 31 luukse kampeerstaanplekke, elk met privaat ablusie- en opwasgeriewe. Kom beleef die rustigheid van die Bosveld.

**www.edenpark.com**
**082 455 9320 | edenparkoord@gmail.com**

**Gariepdam**

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal en Oos-Kaap. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

**Kontak Debbie: 082 326 5714**



# Lig teen duisternis: Die hart van die evangelie

**Pieter van Deventer**[1]

**Toe Rusland op 24 Feruarie 2022 Oekraïne inval, het die wêreld geskrik. Nuusberigte was vol daarvan. Almal was aan die praat daaroor. Maar vir Christene is dit nodig om te onthou: Hierdie oorlog is maar net 'n simptoom van 'n dieperliggende, geestelike oorlog.**

## Daar ís oorlog!

Op hierdie oomblik is daar oorlog: in jou huis, by jou werk, orals. Die magte van die Lig veg teen die magte van die duisternis. Die Bybel is baie duidelik daaroor: Lig en duisternis kan nie saam bestaan nie – hulle is aartsvyande! 'n Mens kan sê daar is 'n absolute antitese tussen lig en duisternis in die Skrif. Die begronding daarvan vind ons in Génesis 1:4: *En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis.* Natuurlik praat dit van fisiese lig en fisiese duisternis, maar hierdie lig en duisternis het ook 'n simboliese kant: Lig word van duisternis geskei. Die twee kan nie meng nie; hulle kan nie met mekaar versoen word nie. Paulus gebruik dieselfde simboliek in 2 Korinthiërs 6:14: *... watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?* Lig en duisternis staan teenoor mekaar, hulle is vyande. En solank as wat al twee nog daar is, kan daar nie vrede wees nie.

Die Bybel verwys na die vyandskap tussen lig en duisternis ook op ander maniere: as vyandskap tussen gelowiges en ongelowiges; as vyandskap tussen kinders van God en kinders van Satan. Génesis 3:15 gee nog 'n bewysplaas vir hierdie vyandskap wanneer God aan Satan profeteer:

> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou* [Eva], *en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.*

Reeds vroeg in die Bybel is dit duidelik dat daar 'n oorlog aan die gang is. Daar is vyande: Satan en sy koninkryk haat Jesus Christus (die saad van die vrou) en sy koninkryk. Soos die kerkvader Augustinus tereg ook praat van twee stede: die stad van lig en die stad van duisternis.

## Vrede is onmoontlik ... totdat iemand sterf

'n Illustrasie hiervan is die sprokie *Sneeuwitjie*, wat dieselfde vyandskap weerspieël. Daar is 'n stiefma (heks) en 'n mooi prinses. En die heks is so jaloers op Sneeuwitjie dat daar geen vrede kan wees solank al twee lewe nie. Daar kan eers 'n "fluit-fluit" wees wanneer óf die heks óf die prinses sterf. In die Bybel vind ons ook so 'n vrou. Openbaring 17-18 praat van die hoer van Babilon. Sy is 'n heenwysing na die wêreld: Soos die kerk die bruid van Christus is, so is die goddelose wêreld die hoer van Satan. En in Openbaring 18:7 sê hierdie hoer: *Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie ...* Die hoer wil die mooiste wees; sý wil die koningin wees wat deur alle mense aanbid word. Sy wil hê alle mense moet met haar hoereer – hulle moet stomgeslaan wees deur haar verleidelikheid. Hulle moet háár vereer as die een wat "die mooiste in die land" is.

Maar ons, as bruid van die Bruidegom, kan nie. Ons het die Lig liewer as die duisternis. Hoe kan daar ooit vrede of 'n wapenstilstand wees? Daar is geen niemandsland en geen neutrale partye nie. Om Abraham Kuyper te parafraseer: "Christus wil oor elke sentimeter van hierdie aarde sê, 'Myne'!" Hierdie vyandskap waarvan ons in die Skrif lees, moet ons laat vra: Waar staan ons in hierdie stryd? Sien, Christus sê: *Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard* (Mt. 10:34). Aan watter kant van die swaard staan ons?

Die konfronterende werklikheid is dat elke mens op hierdie aarde, van nature, aan die verkeerde kant staan (vgl. Rom. 3:9-20). Van nature is ons vyande van God – vyande van die Lig. Soos Johannes 3:19 sê: *En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle*

*werke was boos.* Ons het 'n probleem, want die Lig en die duisternis is vyande. En ons is van nature deel van die duisternis. Hoe gaan ons verlos word? Ons kry die antwoord wanneer ons na Jesus Christus, die Held en Kryger van die lig kyk en sien hoe Hý die oorlog aanpak.

### Jesus Christus se vreemde strategie

My oupagrootjie se naam was Kornelis Miske. Hy was 'n immigrant uit Nederland. Sommige van die Afrikaanse sêgoed was vir hom nogal vreemd. Een daarvan is die laaste woorde van strofe 1 van "Die Stem". Ons sing daar gewoonlik: "Ons sal lewe, ons sal sterwe, / ons vir jou, Suid-Afrika." Oupa Kornelis Miske het gedink dat dit 'n bietjie te pasifisties is en daarom het hy elke keer kliphard geëindig met: "Ons sal lewe, [júlle] sal sterwe, / ons vir jou, Suid-Afrika!" Dit is 'n oulike staaltjie, maar dit bring ons voor 'n belangrike vraag: As daar 'n oorlog aan die gang is tussen die Lig en die duisternis, hoe word hierdie oorlog geveg? Spesifiek, hoe veg die Lig hierdie oorlog?

Menslikerwys gesproke lyk dit asof my oupagrootjie dalk 'n punt beet het. Ander generaals in die geskiedenis het ook saamgestem. Genl. George S Patton van die Amerikaanse weermag tydens die Tweede Wêreldoorlog het 'n bekende sêding gehad: "The object of war is not to die for your country, but to make the other bastard die for his."[2] Maar Jesus Christus het 'n ander benadering. Hy sê: "Ek sal vir jou sterf."

Paulus skryf so pragtig oor hoe Christus sy vyande oorwin (en hulle red) in Romeine 5:10: *Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.* In Jesaja 52:13-53:12 lees ons van die aangrypende beskrywing van die lydende Kneg. Hierdie deel begin en eindig met die Kneg (Jesus Christus) se oorwinning oor al sy vyande en sy heerlikheid oor al die nasies van die aarde. Maar hierdie oorwinning en heerlikheid is 'n vreemde ding – dit is 'n verbasende ding.

> *Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie – so sal Hy baie nasies laat opspring, konings sal hulle mond oor Hom toehou; want wat aan hulle nie vertel is nie, sien hulle; en wat hulle nie gehoor het nie, word hulle gewaar* (Jes. 52:14-15).

Die Here Jesus word verheerlik deur sy vernedering. Hy oorwin deur sy dood. Is dit nie 'n vreemde strategie nie? Dit is beslis nie wat 'n mens van 'n Koning sou verwag nie. Tog is dit vir ons ore die soetste klank, want dit is die enigste manier hoe óns die oorlog kan wen. Vir hierdie oorlog (ook ons oorlog) is dit absoluut noodsaaklik dat die Christus moes ly en moes sterf – nie vir Homself nie, maar vir ons. Want dit is die enigste manier hoe ons, van nature "duisternismense", versoen kan word met die God wat lig is en in Wie geen duisternis is nie (vgl. 1 Joh. 1:5). Oor sy kruisiging lees ons: *En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe* (Mt. 27:45). Die Koning van die lig sterf, terwyl daar 'n sluier van duisternis oor die aarde getrek word. Hy doen dit sodat die woorde waar mag word wat sê:

> *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom* (Jes. 53:5)

Daar is 'n oorlog aan die gang. Die Koning van die lig veg teen die prins van die duisternis. Die Koning hét gewen. Hy hét in duisternis gesterf sodat sy lig in ons mag skyn (vgl. Mt. 5:14-16). So, kom ons veg. Kom ons bied weerstand teen die duisternis. Ons Koning het vir ons gesterf. Laat ons nou leef in sy lig! ☺

---

1. Lidmaat van die AP Kerk Moot-Sentraal en vyfdejaar teologiese student aan die APA.
2. https://bit.ly/3tYd5kW


**Natal Suidkus – Southport**

Lekker, gerieflike selfsorgtuinwoonstelle
te huur vir vakansie. Ten volle toegerus.
Loopafstand van die see, braaigeriewe, see-uitsig,
DStv, ens. Tariewe vanaf R350 per dag.
***Kom ontspan in 'n rustige, stil omgewing!***
**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**SUIDKUS – MARGATE**

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig
vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.
**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of
skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# “Lig uit lig” in die Niceanum

**Ds. Arno Nieuwhof**[1]

**Die Kerkhervormer Philip Melanchthon maak die uitspraak dat dit baie beter is om die misterie van God te aanskou as om dit te ondersoek.**

## “Lig uit lig”

Gesien in die lig van die hierdie uitspraak is die tema van “lig uit lig”, soos verwoord in die Geloofsbelydenis van Nicéa[2] (Niceanum) en verwysend na die koms van Christus na die wêreld, ook ’n misterie groter en meer omvattend as wat in hierdie artikel tot sy reg kan kom. Vir die eerste Christene in die tyd van die Patristiek (die eerste 400 jaar ná Christus), was hierdie verskyning van God in Christus ’n glorieryke gebeurtenis. Maar met verloop van tyd het vrae oor die wese van Christus vraagstukke ontketen en is die problematiese verstaan daarvan al meer op die voorgrond gebring. Gelowiges is blootgestel aan denkwyses wat van die Skriftuurlike waarhede afgedwaal het. Die leer oor die Drie-eenheid (Triniteitsleer) het in gedrang gekom. Jesus Christus kon in die ketterse leer na sy wese nie meer gelyk aan God, die Vader, wees nie.

> **Die woorde van Hebreërs 1:3: *Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese ...* was nie meer genoeg in sommige kringe nie en verskeie dwaalleringe en ketterse sieninge het die lig gesien.**

## Vroeë konsilies beveg dwaalleer

Een van hierdie mistastings was die leer van Arius (250-366), wat later bekend sou staan as die Arianisme. Dit het geleer dat Christus nie “dieselfde wese” (*homoousios*) as God die Vader het nie, maar “soortgelyk aan” (*homoi-ousios*) die wese van die Vader is. So sou die leer van adoptianisme (Christus word slegs deur God aangeneem as sy Seun) en die leer van sabellianisme (die verskyningsvorme van God as Vader, Seun en Heilige Gees is verskillende “maskers” wat God opsit) ook hul stuiwer in die beurs van teologiese denke gooi en ’n komplekse verstaan van die wese van God tot gevolg hê. So fel was die stryd hieroor dat daar uiteindelik ’n konsilie (of Algemene Sinode) op 20 Mei 325 in die Griekse stad Nicéa (vandag Íznik in Turkiye) byeengeroep is. Hierdie konsilie het bestaan uit kerkleiers van die Westerse én Oosterse Kerk, ’n geleentheid wat menslikerwys gesproke vandag onmoontlik sou wees. Besluite op dié konsilie was uiteindelik toonaangewend vir die verstaan van die ontologiese Triniteit (hoe God Drie-enig is) en die ekonomiese Triniteit (die drie-enige God se werking).

Op hierdie eerste konsilie sou die gedagtes van Athanásius, ’n diaken uit Alexandrië (teenwoordig in raadgewende hoedanigheid) en Alexander (’n biskop van Alexandrië), toonaangewend wees en uiteindelik seëvier oor die Ariaanse dwaalleer. Arius is verban en die eerste twee leerstukke van die Niceanum soos ons dit ken, is uit die Skrif begrond en vasgestel. Die res van die Niceanum sou op die tweede konsilie te Konstantinopel (381) afgehandel word. Onder hierdie eerste twee leerstukke van die Niceanum word die bewoording “God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God” as belydenisartikels aanvaar om daarmee die wese en wesenskenmerke van Christus gelyk te stel aan dié van God die Vader (*homo-ousios to Patri*). Hierdeur word die bewoording van die Niceanum, naamlik “lig uit lig”, ’n verwoording van die wese van God wat ook die wese van Christus sou aandui.

## Calvyn en ander gereformeerde leer

Eeue later word die gedagtes van Nicéa en Konstantinopel steeds bevestig wanneer die Kerkhervormer Johannes Calvyn (1509-1564) in sy *Institusie*[3] skryf dat die Bybel grense stel aan die denke oor God. Calvyn eggo weereens die gedagtes van Tertullianus (150-222) en die drie Kappadosiërs (Basilius die Grote [oorlede 379], Gregorius van Nissa [oorlede ± 395], Gregorius van

Nazianze [oorlede 390]). Steeds is die teologiese stelling "een Wese, drie Persone" woorde wat die Niceanum bevestig. Hoewel daar steeds verskillende mistastings oor die eeue heen te voorskyn gekom het, het die Bybel steeds sy normgewende karakter behou: Die wese van God in sy Drie-eenheid is verder verwoord in artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561). In Sondag 8 (v/a 25) van die Heidelbergse Kategismus (1563) is die wese van die Enige God Skriftuurlik begrond. Die Christusfees waarmee ons die koms van Christus na die wêreld herdenk, word des te meer weerspieël in die woorde van Athanásius: "As God nie in sy volheid in Christus ingegaan het nie en Christus dan 'n mindere God is, dan is ons nie gered nie."

**Ons moet vra: Word daar steeds Bybels-teologies met die wese van God omgegaan? Is Christus steeds vir die kerk van vandag "lig uit lig" en daarom dieselfde wese as die Vader? Saam met die dissipels moet ons die woorde van die Here Jesus hoor soos dit in Matthéüs 16:15 opgeskryf is. Daar vind ons die relevante vraag: *Maar julle, wie sê julle is Ek?* Ons antwoord hierop moet die antwoord van Simon Petrus klinkklaar en herhalend laat weerklink: *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (v. 16).**

Ons kan ook nie anders as om die woorde van Johannes 1:1-8 dawerend te hoor klink op die vlaktes en hoogtes van die teologie van die Niceanum nie. Christus was die lig wat aan die kom was na die wêreld en die duisternis kon dit nie uitdoof nie. Belydend staan ons weg van die waansinnige gedagte dat Christus 'n "liewe Jesus" word, wat wegvat van die lig wat die Lig in duisternis is. Hy is die geliefde Seun van God volgens die berig aangaande sy doop en die stem van die Vader wat dit hard geproklameer het. Hy is die Seun in wie God 'n welbehae het (vgl. Mt. 3:17). Hy is in die woorde van Thomas: *My Here en my God* (Joh. 20:28).

Vir die konsilies te Nicéa en Konstantinopel was die ... *son van geregtigheid* ... wat in Maleági 4:2 beloof is, 'n helder lig. Hierdie helder lig was reeds vir die wyse manne uit die Ooste 'n teken dat iets wonderbaarlik in Betlehem gebeur het. Dit was die aanbreek van 'n nuwe verbond soos beloof deur die profete van die Ou Testament en Johannes die Doper as laaste Ou Testamentiese profeet. Jesus, die Christus, was en is "God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God ... van dieselfde wese met die Vader".



Philip Melanchthon


Die Konsilie van Nicéa

Met die eeueoue terme wil die kerk die Bybel uitlê en niks anders as die Woord van God sê nie. Daarmee wil die kerk dwaalleer bestry; daarmee wil sy onderrig deur die Bybel in belydenis saam te vat sodat die Bybel die norm van alle norme (*Norma Normans*) bly. Soos die geloofsbelydenis wat na Athanásius vernoem is, dit stel: "Elkeen wat salig wil wees, (vir hom) is voor alle dinge nodig dat hy die algemene geloof moet vashou."[5]

Hierdie geloof hou dan in dat ons die Lig moet sien in die enkelvoudig-meervoudige openbaringsgeskiedenis van Christus as die Verlosser en Middelaar[6] en na sy wese die Lig is wat uit die Lig verwek word. Soos die oorsprong van Christus nie naspeurbaar is nie, so is die uitspraak van God dat daar lig moes wees, die oorsprong van die moontlikheid om God te mag ken in sy openbaring. So het die Woord van God te voorskyn gekom – wat reeds voor die tyd daar was en wat aan't kom was na die wêreld.

In die voorafskaduwing van die Ou Testament kom die Lig te voorskyn in die Nuwe Testament en bring kennis, en kennis vertroue, en vertroue geloof. In die woorde "lig uit lig" van die Niceanum, staan ons geloof vandag op 'n vaste rots.

1. Leraar van die AP Kerk Ellisras/Marken.
2. *Erediensboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk*, 239.
3. Boek 1, hfst. 13, par. 8.
4. C.G.A. Harnack, *The apostles' creed*, 217-218.
5. *Erediensboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk*, 240.
6. H. Berkof, *Christelijk geloof.*



# Bloedrivier se lig – radikaal tot seën![1]

**Charlotte Möller**[2]

**_Soos in die dae van ... Egipteland sal Ek_ [hulle] _wonders laat sien_ (Miga 7:15). En so bewerk God radikaal tydens die Slag van Bloedrivier bevryding vir die Afrikaner, maar ook vir die Zoeloe. Óns kry genade om die werke van die Lig te sien. Húlle kry genade om die werke van die Lig te sien. Het ons aanskoue tot seën vermenigvuldig?**

## ’n God wat radikaal roep

Afrikaner-Christene verkies om die betekenis van Geloftedag net op hulleself van toepassing te maak. Dit kan ook nie anders as ons kyk hoe die regering van die dag Geloftedag hanteer nie. Vir hulle is Geloftedag ’n dag van vernedering vir Zoeloes; ’n dag van Afrikaner-onderdrukking vir swart volke. Geestelik beskou behoort Zoeloes Geloftedag te eerbiedig, want net soos wat dit vir die Voortrekkers ’n genadedag was, net so lê daar vir die Zoeloes in hierdie dag van oënskynlike vernedering, ook genade opgesluit.


In Génesis 12 roep God Abram om na ’n vreemde land te trek. Hy het nie geweet wat vir hom voorlê, waar hy sy tentpenne uiteindelik sou inslaan nie. Om alles te kroon het Abram God nie eens geken nie; sy vader Tera was ’n maangodaanbidder. Nou verwag hierdie “onbekende” God dat hy alles wat vir hom kosbaar is, verlaat en die vreemde intrek! Maar Abram was gehoorsaam; hy trek na Kanaän – ’n land met volke wat die enige God nie ken nie. Lees ’n mens die verhaal van Abram se roeping, kan jy nie anders as om raakpunte met die Voortrekkers se veelbewoë geskiedenis te sien nie. Hulle is weliswaar nie so direk soos Abram geroep nie, maar weens die spanning met die Xhosas én die Engelse juk, moes hulle ook alles wat kosbaar en sekuriteit was, agterlaat: plase, geboortegrond, familie, vriende.

Hul aankoms in Natal was ook alles behalwe tent opslaan in die land van belofte. Die Zoeloes, Godloos en vasgevang in die kloue van Satan, moor wreedaardig: by Wenen, by Moordspruit. Nie as diere nie, maar as mense vasgevang in die donker kerker van Goddeloosheid. [Hulle] *het die duiwel as vader ... Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af ...* (Joh. 8:44). Iets van hierdie Godloosheid, Ligloosheid, sien ons ook tydens die aanval by Bloedrivier. Lanterns wat gewoon lig moes gee, word geeste. Hul Godloosheid maak hulle bygelowig, vreesbevange, mensemoordenaars. Teen hierdie tyd het Britse en Amerikaanse sendelinge reeds vir ongeveer 18 jaar lank sendingwerk onder die Zoeloes gedoen.[3] Die houvas van voorvadergeeste, toordokters en bygeloof (gedryf deur die vrees vir ’n wrede diktatorskap wat oor hul geheers het) was so groot dat daar weinig, indien enige, Zoeloes tot bekering gekom het. Godloosheid het ’n houvas op die siel van die Zoeloevolk gehad – net God kon bevryding bring:

> *Wie is soos die HERE onse God, wat hoog woon, wat laag neersien ... oprig ... verhef* (Ps. 113:5-7).

## ’n God wat sy kinders radikaal gebruik

Soos met Abram, dryf God die Voortrekkers die vreemde in – ter wille van Godloses?! Hy gebruik hulle om die Zoeloes (én ander volke) te laat besef dat Hy die enigste, die ware Lig is. En Abram bou altare – nie weggesteek agter sy tente waar hy niemand daarmee hoef te konfronteer nie. Nee, hy bou dit tussen die Godloses, daar waar hulle hul gode aanbid. Baiekeer is God radikaal in sy raadsplan om sy eer op te eis en “genadelig” te gee. Dink maar aan Gólgota en die heidense soldaat wat erken: *Waarlik, Hy* [is] *die Seun van God* (Mt. 27:54). Dieselfde gebeur by Bloedrivier. Ja, die Voortrekkers smeek redding met ’n gelofte af. Maar God, die “Geskiedenismaker”, ontvou sy plan. Radikaal bewerk Hy bevryding: vir sy kinders van ’n oormag Zoeloes en vir Ligblinde Zoeloes, wat gehoorsaam wil “sien”, van ’n ewigheid van duisternis.

Die groot fout is om te dink dat die Slag van Bloedrivier net vir die Voortrekkers van betekenis was. Wat het deur die koppe van die Zoeloekrygers gemaal toe aanval ná aanval afgeweer is? Waaroor het hulle daardie aand langs hul vure gepraat? Watter vrae is gevra? Soos vir Voortrekkerman, eweneens vir Zoeloeman, was daardie slag ’n bewys van die almag van God. Dr. Hammond skryf in sy artikel (waarna reeds verwys is) dat ná die Slag van Bloedrivier dit was asof daar ’n geestelike damwal onder die Zoeloes gebreek het. Honderde, en later selfs duisende, het ná Bloedrivier tot bekering gekom. ’n Afrikanerwonderwerk word ook ’n Zoeloewonderwerk – die skille van hul oë was weg en die Lig het voor hulle geskyn. God kies kant; sy kinders se kant. Hy is aan die kant van die lig en Hy veg en oorwin teen die duisternis.

Eintlik was Bloedrivier maar net weer die bewys dat die geveg klaar gewen is. Hier op eie bodem het God ons iets van Gólgota laat beleef. Aan die kruis het Jesus Christus reeds die kop van Satan vermorsel. Hy het die bande waarmee Satan die mensdom in sy mag gehad het, kom verbreek. Die uitslag van die geveg by Bloedrivier sou nooit anders kon wees nie, want dit was maar net ’n voortsetting van wat reeds op Gólgota gebeur het.

## Radikaal tot lig en seën vir almal!

Abram kry die opdrag dat hy *’n seën sal wees* (Gén. 12:2). Om ’n seën te wees, beteken om die middel te wees waardeur Godloses die goedheid en genade van God sien. Abram tree in geloof op deur dadelik by sy aankoms in Kanaän altare op die aanbiddingsplekke van die Godloses op te rig. Hiermee ontbloot hy nie net die Goddeloosheid van die Kanaäniete nie, maar hy is juis besig om vir hulle tot seën te wees. Hy laat hulle God “sien”. Die Voortrekkers het geweet dat God besig was om deur hulle te werk soos wat Hy destyds deur Abram gewerk het. Daarom tree hulle nie met dieselfde wreedheid teenoor die Zoeloes op nie. Hulle verbreek weliswaar die mag van Dingaan en sy impi’s, maar rig terselfdertyd by Dingaanstat ’n sendingstasie op. Later nog ’n skool vir blindes en ’n teologiese opleidingskollege.

Die Voortrekkers word radikaal tweeledig gebruik: God openbaar sy krag ten aanskoue van die Zoeloe in die swakheid van die Voortrekker. Daarna laat Hy die Zoeloe sy Lig in die Christen-Afrikaner se sendingwerk sien. Uiteindelik sou baie meer as net ’n paar duisend Zoeloes tot geloof in Christus kom. Die gelofte self gee vir ons die doel daarvan: “Sodat die roem en die eer van die oorwinning aan God kan gaan.” Die Voortrekkers, deel van God se volk, deel van die geestelike Israel in Christus, het geweet die geveg was nie hul geveg en die oorwinning nie hul oorwinning nie. Hulle verheerliking was nie net ’n kerk, ’n Dag, ’n datum nie. Nee, Skrifgebonde en -getrou word lig na die heidene uitgestraal, want die belofte van “kerk”, “Dag”, “datum” gaan oor baie meer: Is ons nog lig om tot seën te wees? Herinner Bloedrivier ons nog aan God se Abramsopdrag? Weet ons, soos die Voortrekkers, dat die God van Gólgota steeds betrokke is in die stryd teen die duisternis? Dat die oorwinning by Gólgota steeds ligverblindend skyn? Waar bou ons ons altare? Het ons moed verloor met sekere van die Godlose volke rondom ons?

Geloftedag is nie net ’n dag om Afrikanerlof te besing nie. Geloftedag is die voortsetting van die Abramsopdrag: ... *dat* [julle] *’n seën sal wees.* Selfs uit die oogpunt van die Zoeloevolk is daar rede om op hierdie dag aan God die eer te gee. Daar is rede om God te verheerlik as die Een wat gelowige volke op radikale wyse uit die houvas van Satan bevry. Mag ons in ons dag voorloop om vir ander volke ’n lig tot seën te wees sodat God waarlik die eer vir die oorwinning by Gólgota kry. By Bloedrivier het God ’n gelowige, gehoorsame “Abramsvolk” gebruik om op unieke en ongelooflike wyse steeds tot seën te wees – nie net vir die Zoeloevolk nie, maar uiteindelik ook vir die ander volke in Suid-Afrika wat nog nie die Lig gesien het nie.

1. Hierdie artikel is grootliks geskoei op ds. Schalk Strauss se Geloftedienspreek: “Deur ’n seën te wees vir die nasies, kry God sy eer op Geloftedag.”
2. Lidmaat van die AP Kerk Potgietersrus en redaksielid van *Die Boodskapper*.
3. “Bloedrivier en die geestelike bevryding van die Zoeloes,” in *Die Boodskapper*, Desember 2018/Januarie 2019, 13.

# Waspore deur Thaba Nchu[1] deur Kosie Steyl[2]

**Na aanleiding van die rol wat Thaba Nchu in die Voortrekkergeskiedenis gespeel het, wil ek graag met die volgende inligting 'n beskeie deel tot die geskiedenis bydra en 'n paar regstellings doen.**

Dit is wyd bekend dat Thaba Nchu-distrik (plase en boerderye, veral in die rigting van Sannaspos en Bloemfontein) grootliks aan die Steyls (waarvan ek 'n nasaat is), behoort het. Dit is ook alombekend dat feitlik al die trekke die binneland via Thaba Nchu ingetrek het. Thaba Nchu-berg (Swartberg), die hoogste losstaande berg in die Vrystaat wat nie deel van 'n bergreeks is nie, was vir kilometers ver 'n uitstaande baken vir koershou. Die Barolongstam was die Trekkers ook goedgesind en soos by Bloedrivier, is beloof dat 'n gedenkkerk vir die gemeenskap opgerig sal word.

Die gedenkkerk met 'n torinkie is gebou op 'n heuwel net noord van die dorp. Aanvanklik is dit tot Oktober 1906 deur lidmate van die NG Kerk gebruik totdat die besonderse huidige sandsteenkerk, onder leiding van ds. JG Snyman, in gebruik geneem is. Die gedenkkerkie is toe oorgedra aan die NG Sendingkerk. Die reusesandsteenkerk is dus nie die kerk wat deur die Voortrekkers beloof is nie. In die sandsteenkerk is 'n marmersteen aan Susanna Maria Steyl opgedra ter herdenking aan haar reusebydrae tot oprigting van dié kerk.

My vader, JFB (Koos) Steyl, was sedert die dertigerjare aktief betrokke by die reël van Dingaansfeeste (Geloftefeeste). Dit is gereeld gehou op die oewer van die spruit wat deur die dorp vloei. Tente (selfs ossewaens) is as huisvesting vir die vier dae lange fees ingespan. My vader se ernstige betrokkenheid by bogenoemde het weer gelei tot gebeure wat ek glo nog nie werklik geboekstaaf is nie.

Thaba Nchu-distrik was een van die eerste gebiede in Suid-Afrika waar grond deur die destydse Department van Naturellesake opgekoop is om die belofte van die Trekkers aan die Barolongstam na te kom (± 1948-49). Dit het gelei tot die vervreemding van onder meer die plaas Mohalieshoek (tans die dobbelhuis). Hierdie spesifieke area was destyds die Trekkers se uitspan- en rusplek waar herstel- en voorbereidingswerk gedoen is.

Op genoemde plaas was vyf graffies van Voortrekkerkinders met ruwe grafsteentjies en growwe plat klippe waarop name uitgekrap was. Namate dieper gegrawe is, het swart potkleikluite te voorskyn gekom met die kenmerkende gladde, blink pikmerke – steeds behoue ná byna meer as 'n eeu. Van die kissies was weinig oor, maar in elke holtetjie het die dikker beentjies nog onverstoord langs mekaar gelê. By twee of drie van die oorskot het metaal- en/of halfedelsteentjies gelê waar die borsbeen voorheen gerus het – 'n aanduiding dat dit hangertjies van dogterjies was.

Dit is toe dat my vader met die samewerking van prof. Willem Punt van UOVS toestemming verkry het vir die opgrawing en herbegrawing van die kinders. Sy motivering was eenvoudig dat hy dit aan die voor- en nageslag verskuldig is om die oorskot, wat ook deel van ons geskiedenis is, op 'n meer sigbare en bereikbare plek te herbegrawe. Die oorskot is met my vader se ossewa na die nuwe rusplek vervoer.

Die herbegrafnis het plaasgevind voor die NG Kerk te Thaba Nchu. 'n Groot skare plaaslikes, 'n aantal geskiedkundiges van UOVS en ander belangstellendes was teenwoordig. Dit was treffend-hartroerend toe die ossewa die terrein binnekom. Die spore van die osse en ossewa, asook die skoenspore en handafdrukke van my vader en dié van prof. Punt, is vasgelê in die betonblok reg voor die monumentjie wat met die oorspronklike grafklippe in 'n piramidevorm gebou is. 'n Koperplaat met bykomende inligting is aan 'n struktuur vasgeheg. Dr. Jackie Grobler, wat die monument onlangs besoek het, kon dit egter nie vind nie. Dit is heel moontlik onregmatig verwyder.

1. Redaksioneel verkort.
2. Kontakbesonderhede: 082 677 6171 of steyl.kosie@live.co.za.

# SMELTOOND

• *Desember 2023/Januarie 2024* • **Deur Charlotte Möller**



# Is Israelihaters ook Christenhaters?

*Hierdie … dinge haat die HERE:*
*… hande wat onskuldige bloed vergiet, 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop …* (Spr. 6:16-19).

Vir Israeli's sal 7 Oktober nooit weer dieselfde wees nie. Minstens 1 400 mense is dood en 3 400 beseer nadat die militante groep Hamas 'n ongekende lug-, land- en see-aanval geloods het.

Hamas is 'n uitvloeisel van die Moslem-broederskap,[1] 'n militante Islamitiese organisasie. Dit is in 1928 deur Hassan al-Banna in Egipte gestig. Alhoewel baie beweer dat die organisasie geweld ontken, word die Broederskap dikwels beskou as bron van Islamitiese terrorisme. Volgens al-Banna is dit die aard van Islam om te oorheers, nie oorheers te word nie; om sy wet op alle nasies af te dwing en sy mag oor die ganse wêreld uit te brei. Daarom is die Broederskap gekant teen die sekulêre neigings van sommige Islamitiese nasies en wil hulle terugkeer na die fundamentele voorskrifte van die Koran. Baie Moslem-Palestyne is gekant teen Hamas en sy gewelddadige oorlogvoering.

## Ék sal hulle heeltemal uitdelg!

Die Bybelse kommentator, Peter Leithart, skryf in 'n onlangse artikel dat Hamas oorlog maak soos die Amalekiete van ouds.[2] Terwyl Israel hul tente by Ráfidim opslaan, op pad na die Beloofde Land, trek Ámalek (nasaat van Esau) in 'n oorlog teen hulle op (vgl. Ex. 17:8-16). Met gebruik van Moses se verhewe staf gee die HERE aan Israel die oorwinning. Maar Hy sê aan Moses dat Hy die Amalekiete *onder die hemel heeltemal sal uitdelg* (v. 14) en dat Hy oorlog teen Ámalek het van geslag tot geslag (v. 16). Die HERE herhaal sy voorneme wanneer Hy deur Samuel, koning Saul opdrag gee om Ámalek heeltemal uit te delg (vgl. 1 Sam. 15:2-3). Saul se ongehoorsaamheid veroorsaak dat van die Amalekiete oorleef (v. 18-19). Ook Dawid het met die Amalekitiese bendes te doen (vgl. 1 Sam. 30:1-20) en ook hy kon hulle nie heeltemal uitdelg nie. In die boek Ester kry ons die laaste Bybelse verwysing na die Amalekiete wanneer die slinkse Haman, nasaat van Ámalek, aan sy eie galg tot 'n einde kom (vgl. 5:10).

## Waarom juis die Amalekiete?

Van bose nasies en hul ewe bose oorloë weet ons genoeg – soos dit was in die ou tyd, so is dit ook vandag. Maar waarom het God juis op die Amalekiete se uitdelging gehamer; hulle as't ware vir geslagte in sy visier gehad? Want hulle was jagters van weerloses: bejaardes, vrouens, kinders. Die HERE gebied Israel male sonder tal om weeskinders, weduwees, vreemdelinge en ander kwesbare mense te versorg: Julle mag *… die vreemdeling nie kwel … geen weduwees of wees verdruk nie* (Ex. 22:21-22; ook Deut. 10:18; 14:29; 24:19-21; 26:12-13). Israel self sê dat sy afmaaiers van vreemdelinge, wees en weduwees verdoem (vgl. Deut. 27:19). Ook die profete waarsku aanhoudend: So sê die Here HERE *… leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee* (Jes. 1:17; ook Jer. 7:6; 22:3; Eség. 16:49; Sag. 7:10).

## Hamas bloed van Ámalek?

Nee, nie bloed van Ámalek nie – hart en hand van hom! Dit beteken dat Hamas (en soortgelykes) in doen en late radikaal teen God se gebod vuis bal: om vroue en kinders as skilde te gebruik; om vroue as selfmoordbomaanvallers te ontplooi; om kinders as "menslike bomme" te offer; om swanger vroue en babas in kraamsale te vermoor. En dan ander wat die "sagter" vuis bal, weg van die slagveld af: die aborsie van ongebore babas; die "aan die slaap maak" van verswakte bejaardes.

Die God van die tyd van Ámalek is steeds die God van die tyd van Hamas, Boko Haram, ISIS, gewelddadige vuisballers ter plaatse. Hy haat álle geweldenaars, álle bloedvergieters: *… sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet* (Ps. 11:5). Die Koning, ons Here Jesus Christus, regeer al die nasies van hierdie wêreld. Hy doen met hulle soos Hy wil: *… soos erdegoed word hulle verbrysel …* (Openb. 2:27). Hy sal al sy vyande, ook Hamas, onder sy voete bring: soms deur hul bekering, soms deur hul uitdelging.

Wanneer Hamas (en soortgelykes) teen God se gebod vuis bal, is hulle ook Christenhaters. Ons mag God bid om ons teen die haters en geweldenaars van ons tyd te beskerm. Laat ons dit dan met vrymoedigheid doen. En mag die Israeli's in hul selfbeskerming hulleself daarvan weerhou om die spieëlbeeld van 'n Ámalek te word. ☺

---

1. https://bit.ly/49mnpDC
2. https://bit.ly/49h8kDn

**AP KERK TZANEEN**

## Belydenisaflegging

Die AP Kerk Tzaneen het op 5 November die wonderlike voorreg gehad om getuies te wees van jongmense wat hul geloof in die openbaar bely. By die openbare belydenis word ons opnuut bewus van God se trou in verbondshandelinge: inderdaad van doopvont tot nagmaaltafel. Ons gebede is dat die Here elkeen van ons jongmense styf sal vashou in sy troue liefde. Mag Hy hulle hul ganse lewe dra om hul belydenis getrou, op elke lewensterrein, uit te leef.



*V.l.n.r. Arina le Roux, Elziné Kotzé, Christo van Niekerk, Christiaan de Beer, Joszua Joubert, ds. Aubrey Hough, Janco Krüger*


**Selfsorgakkommodasie met:**

Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.

MAJUBA 1881

NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.

Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**

**Pretoria**

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** NOVEMBER 2023, BL. 23



**AP KERK BRAKPAN**

## Belydenis van geloof

Op 15 Oktober het die volgende finalejaarkatkisante van die AP Kerk Brakpan openbare belydenis van geloof afgelê: Wian Lourens, Kaylin Pepler, Quinette Breytenbach en Jaiden Anrich Puchert. Die diens is waargeneem deur ds. Denysschen met 'n pragtige boodskap uit Deuteronómium 26:16-19. Ons verwelkom die nuwe belydende lidmate met dankbare harte in die gemeente.

Diaken Puchert



*Finalejaarkatkisante*

**AP KERK BRAKRIVIER**

## Twee verjaarsdae – so eenders, en tog anders

Op Woensdag 19 Julie het ons leraar, prof. Roelof Marè, 'n gesonde en geseënde 83 jaar oud geword. Só 'n verjaarsdag soebat om gevier te word. Dit is presies wat ons gemeente se flukse sustersaksie ook gedink het en op Sondag 23 Julie was die tafels gedek soos vir 'n eregas. Die voorsitter van die sustersaksie, Bettie Kruger, het 'n roerende gedig wat almal se harte aangeraak het, voorgedra: "Al reis ek oor die sewe seë, skuif kontinente stil verby, sal ek my voetval op U rig, my in die reis verbly ..." waarop ons geliefde prof. Roelof 'n pragtige boodskap en groot dankie sê gelewer het. As verjaarsdaggeskenk kon hy en sr. Susan heerlike vrugtekoek huis toe neem, gebak deur een van ons knapste baksters, Marlene Karsten.

Op Sondag 27 Augustus is die tafels weereens gedek vir 'n 90-jarige verjaarsdag. Alhoewel nie 'n lidmaat van ons gemeente nie, is sy elke Sondag in ons erediens, in ons ore, op ons tonge: Ons geliefde Afrikaans. Hierdie keer was daar geen trane nie – slegs blydskap en dankbaarheid. Voor in die kerk was 'n besondere mooi Statebybel uitgestal. In die voorportaal was daar 'n uitstalling van verskillende Bybels soos die vertalings mekaar opgevolg het. Geen geskenk is oorhandig nie, want Afrikaans self is die groot geskenk. Ons dank aan God Drie-enig vir 'n toegewyde leraar en die mooiste, oorspronklikste taal wat al soveel aanslae teen haar oorleef het.

Janine du Plessis



*Prof. Roelof en Susan Marè*



*Die Bybel in Afrikaans*

**AP KERK MOSSELBAAI**

## Belydenisaflegging

Die AP Kerk Mosselbaai was vanjaar bevoorreg om ses finalejaarkatkisante te hê. Hulle het die ouderlingeraad oortuig dat hulle gereed is om belydenis van hul geloof af te lê en om belydende lidmate van ons gemeente te word. Die belydenisaflegging het op Sondag 22 Oktober plaasgevind, waarna die sakrament van die heilige nagmaal bedien is en die nuwe belydende lidmate daaraan meegedoen het. Ons is dankbaar vir die vyf nuwe susters en die nuwe broeder in ons gemeente!

Ria Webb



*V.l.n.r: Danja Swart, Anike Thom, Jana-Mari Emmerich, oudl. Gerhard van Rhyn Karien van Rhyn, Estie Zeeman, Hanro Boshoff, Ds. Dawie Pretorius*








**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**AP KERK PRETORIA-OOS**

## Gemeente-ete en die herdenking van Taaldag

Op Sondag 13 Augustus is ons gebruiklike gemeente-ete ná die nagmaalviering gehou. Gedurende dié geleentheid het een van ons senior lidmate, br. Josef du Toit, 'n praatjie gelewer met die oog op Taaldag wat in Augustus herdenk word.

"Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig. Dit was 'n eerste tree om Afrikaans te standaardiseer. Daarby is die groot taalstryder, CJ Langenhoven, op 13 Augustus 1873 gebore.

"Ons het vanoggend in die erediens in Afrikaans: saam gebid, saam die Bybel gelees, saam na die uitleg daarvan geluister, saam lofsang tot die Here gerig, saam uit die nagmaalsformulier geleer oor die betekenis van die brood en die wyn. Dit bly 'n besondere moeilike taak om byvoorbeeld in 'n ander taal te bid en dit spreek van die intieme aard van gebed (en taal). Langenhoven het geskryf: 'In ... Afrikaans ... het ek gevind my pêrel van grote waarde.'

"Dit Here gee die inrigting van 'n eie taal aan 'n volk. Die GRA se drievoudige doel was: 'Om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land'. Hul leuse was: 'Vir moedertaal en vaderland'. Dit is reg dat ons in Afrikaans van 'moedertaal' en 'vaderland' praat. 'n Kind leer op sy moeder se skoot sy taal leer en erf van sy vader sy land. Die vyfde gebod gebied die eer van vader en moeder. Maar die eerbewys aan almal wat die Here oor ons aangestel het, sluit sekerlik ook die eer van ons vaderland en moedertaal in. Die saak vir Afrikaans het nooit in isolasie gestaan nie. Dit was altyd volksaak – en veral 'n aanbiddingsaak."

## Kermis

Op Saterdag 28 Augustus was ons kermistema "Die Afrikaner". Verskeie stalletjies het in elkeen se voorkeur voorsien en elke lidmaat kon 'n bydrae tot die sukses van die kermis maak. Ds. Attie Boshoff het die geseënde verrigtinge op gepaste wyse geopen.

Hannah Kotzé


*Gemeente-ete*


*Kermis*



*Kermis*



*Kermis*



# Oumatjie Stoffberg

**Dr. Pieter Mulder**[1]

Dit is 30 September 1937. In stilte wag 'n groot aantal mense vir Oumatjie Stoffberg om die elektriese knoppie te druk. Die gehoor is verteenwoordigers van die meeste Afrikanerorganisasies in Johannesburg en die Witwatersrand.

Hulle het 14:30 in die masjienkamer van die Voortrekkerpersgebou in Johannesburg bymekaargekom. Teenwoordig is ook talle Afrikaanse predikante, onderwysers en baie ander gaste uit alle dele van Transvaal. Toe Oumatjie Stoffberg die knoppie druk, bewe die vloer soos die groot rolpers in beweging kom om die eerste kopieë van die nuwe koerant, *Die Transvaler*, te druk. Die teenwoordiges juig spontaan. Dr. DF Malan, leier van die Nasionale Party (NP), kom hierna in die Wandererssaal aan die woord. "U het die gedreun van die masjinerie gehoor," begin hy sy toespraak. "*Die Transvaler* is die antwoord op 'n uitdaging. Laat hulle (ons politieke opponente) nog meer uitdagings uitslinger; ons is bereid om almal te aanvaar."

Een van hierdie uitdagings was om in die vyandige "Engelse" Johannesburg 'n Afrikaanse koerant te stig en te vestig – 'n koerant wat die saak van die Afrikaner en die NP daar kon uitdra. Met 'n meerderheid Engelse inwoners was dié stad vir die meeste Afrikaners steeds die Engelse uitlanderstad van Paul Kruger se tyd. Milner se verengelsingsproses en die gees van Rhodes was in 1937 nog sterk in die stad teenwoordig. Johannesburg se Engelse inwoners was uitdagend eentalig en behep met "Home" (Brittanje) daar ver oorkant die waters. Hulle het meerderwaardig neergesien op die Afrikaners wat deur die dertigerjare se depressie en droogte van hul plase gedryf is en nou as armes 'n lewe in die stad probeer maak.

Die ekonomiese krisis in die land het gemaak dat genl. JBM Hertzog as leier van die NP en genl. Jan Smuts as leier van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) saamgekom het om een nuwe party, die Verenigde Party, te vorm. Met hierdie eenwording tussen Sap en Nat het van die belangrikste beginsels van die NP, volgens dr. Malan, verdwyn. Dit was sake soos die reg om vir 'n republiek en totale losmaking van Brittanje propaganda te mag maak asook die reg tot neutraliteit in Brittanje se oorloë. Met dr. Malan as leier het sommiges die eenwording



verwerp en as "Gesuiwerde Natte" die politieke stryd voortgesit. As hierdie Natte ooit 'n verkiesing wou wen, was dit noodsaaklik dat Transvaal, as die provinsie met die meeste kiesers, die party ondersteun. Tans was die politieke klimaat in Transvaal sterk teen die NP. In Transvaal het die Sappe 57 van die 60 setels in die verkiesing gewen. Die NP kon net een setel, Waterberg met adv. JG Strijdom, wen. Met behulp van die *Die Burger* in Kaapland en *Die Volksblad* in die Vrystaat, het die NP daar sterker gestaan.

Daar was egter geen mondstuk vir die NP in Transvaal nie. Daarom is in 1935 begin met 'n fondsinsameling om 'n Afrikaanse dagblad in Johannesburg te stig. Die spontane applous was vreugde omdat hierdie doel binne twee jaar bereik is. Oumatjie Stoffberg is gevra om die knoppie van die drukpers te druk vanweë haar groot en onselfsugtige bydrae vir die Afrikanersaak oor baie jare. Ek noem enkele voorbeelde.

Ná die Tweede Vryheidsoorlog was daar nagenoeg 12 000 oorlogswesies. Abraham Kriel het die Langlaagteweeshuis ná die oorlog vir hierdie wesies geopen. Oumatjie Stoffberg en haar man was vanaf 1902 die

Vervolg op bl. 32



# "Gaan ons vandag kerk toe?"[1]

**Pieta Oosthuizen[2]**

Dié vraag van ons studentedogter betrap my so half onkant terwyl ek die koffieketel aanskakel. Dis vroeg Sondagoggend en deur die kombuisvenster wink 'n pragtige, helder sonskyndag. Gisteraand se eerste lente-reëntjie, twee dae ná oom Paul se verjaarsdag, het die stof behoorlik afgewas. Die wêreld ruik vars en skoon, plante is besig om nuwe blaartjies uit te stoot en die getjirp en gekwetter van voëltjies beteken net een ding: die lente is hier in sy volle glorie.

Hoe lekker sal 'n laat ontbyt in die tuin nie wees nie? wonder ek. Daar kan ons immers die prag van God se skepping eerstehands beleef. En ten minste kan ons 'n bietjie gesinstyd saam spandeer. Gedurende die week is ons só besig met ons eie dinge. Gedurig aan die hardloop in verskillende rigtings. Sondag is al dag om 'n bietjie laat te lê en as gesin iets saam te doen. Sondag ís mos 'n rusdag.

Terwyl ek haar woorde in my gemoed herkou, moet ek erken dat ek nie lus is om vanoggend die paar kilometer kerk toe te ry nie. En hoekom front ons kerk nie noord sodat dit koel in die somer kan wees nie, fluister die ou duiwel in my oor. Die geelhoutkerkbanke is sag op die oog, maar 'n mens sit nou nie juis so sag as jy vir 'n uur of langer moet stilsit nie. Lidmate kyk jou ook gou skeef aan as jy op hul plekke durf sit.

Skielik kom die wingerd se jakkalsies almal op my af. As Dominee 'n mens nie aan die slaap preek nie, dan verskreeu hy jou. Daar is so min lidmate wat nog kerk bywoon, dat hy hulle nie ook nog met sy prediking moet wegjaag nie. Dit voel vir my hy preek vir die verkeerde mense. Hy moet vir hulle preek wat nié op 'n Sondag in die kerk is nie; nie vir die paar getroue kerkgangers soos ons nie! Ek is sommer nou behoorlik warm onder die kraag. En waarom haak hy so vas by Deuteronómium? Daar is mos darem 'n Nuwe Testament ook! Miskien moet ons maar nie vandag kerk toe gaan nie, dink ek terwyl ek die beskuit in my koffie sagmaak. Ek ontstel my tog net wanneer ek in die kerk is. Eintlik doen ek meer sonde wanneer ek die erediens bywoon as wanneer ek net wegbly.

Ek kan dit nou net nie help nie; ek mis ons vorige predikant! Hy het net die manier gehad om met die intrapslag die gemeente se aandag te trek en dit te hou. Ook nooit bokant 'n mens se vuurmaakplek gepreek met groot woorde en ingewikkelde teologie nie. Waarom moes hy juis nou 'n beroep aanvaar? Is Bloemfontein dan nie goed genoeg nie? Hier is dan nie eers verkeer nie. Nee wat, hy het ons darem regtig in die steek gelaat – en dit ná net twee jaar!

**Nou is ek aan die brand ... Wat van een van die oggendboodskappies op die kerk se WhatsApp-groep? Of dalk kan ons soos in die ou dae kerk op die radio luister. Daar is darem so nou en dan goeie boodskappe. Miskien is ons vanoggend gelukkig. Ek weet vir 'n feit my buurman kom nooit in die kerk nie. Hulle kyk elke Sondag-oggend kerk op YouTube. Lekker in hul pajamas en pantoffels op hul sagte leerbanke, elkeen met 'n heerlike beker koffie in die hand.**

Buurman sê gereeld die orkes en voorsangers is uit die boonste rakke. Dis glo almal professionele musikante. Seker dié dat hulle nie so treurig aansukkel soos ons nie ... Klink of dit vir hulle lekker is om die Here te loof en te prys. Miskien moet ons kerk ook ons orrel inruil vir elektriese kitare en dromme. Kerk, kleredrag en musiek bring 'n mens mos nie in die hemel nie.

Dan kom my inkeer: Kerk toe gaan is 'n opdrag van die Here. Hebreërs 10:25 is baie duidelik daaroor: ... *en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige*

*die gewoonte het nie* ... Verder bely ons elke Sondag volgens die Twaalf Artikels: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges ..." Dadelik kom Dawid se bedevaartslied in Psalm 122 ook nog by my op: Ek was bly toe hulle vir my gesê het: *Laat ons na die huis van die* HERE *gaan.* Die kerk ís die plek waar my ontstuimige siel tot rus kan kom. Veral daardie eerste oomblikke nadat ek my sit gekry en my oë vir stilgebed gesluit het, ervaar ek ... *die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan* ... waarvan Paulus in Filippense 4:7 praat.

Ons moet dus eerder kerk wees as kerk bywoon, dink ek, maar hoe kan ek kerk wees as ek nie kerk bywoon nie? En om Christen te wees, beteken tog om diensbaar te wees. Hoe kan ek dien wanneer ek nie in die kerk is om ander deur woord of daad of my blote daar wees, te bemoedig nie? Waar anders as by die kerk hoor ek van oom Sagrys se siekte, tant Anna se 80ste verjaarsdag, die basaar se vleistafel wat skenkings benodig? Om waarlik kerk te wees is net nie moontlik op my selfoon of voor die radio of televisie nie.

Ek laat my kop in skaamte sak, loer na die kombuishorlosie en sit my leë koffiebeker neer. "Natuurlik gaan ons vandag kerk toe, Sus. Dis Sondag."

### Liewe pa en ma

- Maak jou kinders in die kerk, onder die geklank van die Woord groot.
- Maak hulle lief vir die kerk deur gereelde erediensbywoning.
- Jou kinders moet sien dat jy die Here liefhet, ook in die kerk.
- Kerkbywoning op 'n Sondag is nie 'n keuse nie, dis jou Christelike plig.
- En natuurklik, dis die beste gesinstyd waarin jy ooit kan belê. ☺

1. Verwysings na mense is fiktief.
2. Lidmaat van die AP Kerk Bloemfontein en Afrikaansonderwyser.

Vervolg vanaf bl. 30

## Oumatjie Stoffberg

eerste huisvader en -moeder van hierdie weeshuis. Ten spyte van swak gesondheid en nege kinders van haar eie, het Oumatjie Stoffberg vertel hoe sy vir 250 oorlogswesies as moeder en verpleegster moes optree. Sy het tot 40 melktande per dag getrek en selfs met sukses 'n afgesnyde vinger aangewerk!

Sy was verder baie betrokke by liefdadigheidswerk onder die arm stedelike Afrikaners en het by talle geleenthede vurig voorspraak vir Afrikaansonderwys gemaak. Ná die Rebellie van 1914 het sy deelgeneem aan die vroueoptog na die Uniegebou om die vrylating van genl. Christiaan de Wet en ander rebelle te vra.

In 1940 was Anna Neethling-Pohl, bekende in die teaterwêreld, die dryfveer agter 'n nuwe protesoptog na die Uniegebou. Byna 10 000 vroue het daaraan deelgeneem. Drie vroue, beskryf as "bejaarde volksmoeders", waarvan Oumatjie Stoffberg een was, het tydens hierdie optog 'n versoekskrif met 150 000 handtekeninge aan die regering oorhandig.

Oumatjie Stoffberg het gemiddeld 500 briewe per jaar (soms tot 30 per week) aan bekende Suid-Afrikaners soos genl. Smuts, eerste ministers en politici geskryf. Dit was briewe van bemoediging, vermaning en bestraffing. Dr. Malan bestempel haar op 'n keer as 'n "onmisbare geestelike kragsentrale" oor haar briewewisseling met hom. Sy het haar briewe as "Oumatjie Stoffberg" onderteken en so die erenaam in die volksmond verwerf.

Gedurende die oorhandiging van 'n oorkonde beskryf prof. HB Thom, voorsitter van die FAK, haar as 'n simbool van opoffering, van Afrikanerfamilielewe en van die Afrikanervrou. "Driftig maar waardig," was sy woorde.

Met die maak van die historiese fries in die Voortrekkermonument wou die bestuur hulde aan Oumatjie Stoffberg bring. Sy is gevra om as model vir een van die ouer vroue in die friese te poseer. Sy weier eers "omdat die Bybel in Exodus sê geen gesnede beeld nie". Uiteindelik willig sy in, mits sy 'n Bybel (in die fries) op haar skoot kon vashou. As jy vandag die Voortrekkermonument besoek, sal jy Oumatjie Stoffberg in die tweede paneel sien sit met 'n Bybel op haar skoot. Dit is die paneel waar die Engelse van Grahamstad 'n Bybel aan die Uys-trekleier oorhandig.

Elf jaar nadat Oumatjie Stoffberg die knoppie vir die nuwe koerant gedruk het, wen die NP die 1948-verkiesing. *Die Transvaler*, as NP-mondstuk en met dr. Verwoerd as redakteur, het 'n reuserol in die politieke ommeswaai in die Noorde gespeel. Oumatjie Stoffberg het hierdie oorwinning in 1948 beleef asook Republiekwording in 1961. Sy sterf in 1966 in die ouderdom van 101. ☺

1. Oudparlementslid en historikus.

AP AKADEMIE
Ou Spore - Nuwe Weë

# Studeer verder by die APA EN OPEN NUWE DEURE!

Christelik | Bybelgetrou | Afrikaans

## NGOS
(afstandsprogram)
Nagraadse Onderwyssertifikaat vir die Senior- en Verdere Onderwys en Opleidingsfases.


## TPK
(afstandskursus)
Toerustingspuntkursusse - Verdere opleiding vir onderwysers soos vereis deur SACE.

- » Studeer terwyl jy werk
- » Internasionaal aanwendbaar
- » Kwalifiseer om by SACE te registreer
- » Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
- » Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys


## BSocSci
(kontakprogram)
'n Program wat baie deure kan oopmaak. Beroepsmoontlikhede in tale, kommunikasie, sosiale wetenskappe, rekenaarwese, sielkunde, onderwys en politiek.

## BA
(afstandsprogram)
Beroepsmoontlikhede in teologie, onderwys, sielkunde, menslike hulpbronne, tale en vele meer.

## BDiv
(kontakprogram)
Dien kerklike gemeenskappe met teologiese opleiding wat die toets van die tyd deurstaan het.




Skandeer hierdie kode vir meer inligting:



Tel: 012 344 3960/1/2
E-pos: info@apa.ac.za
Webwerf: www.apa.ac.za
Adres: Farendenstraat 430, CLYDESDALE, Pretoria, 0002

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW
Registrasienommer: 2002/031756/08
By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997
Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

PLANTSELF

'n Inisiatief van Solidariteit Helpende Hand


# Die PlantSelf-plantkoepel *is hier!*

Solidariteit Helpende Hand droom van 'n volhoubare toekoms vir ons gemeenskap. 'n Toekoms waarin ons vry, veilig en voorspoedig kan voortbestaan. Helpende Hand wil die gemeenskap aktiveer en leer om selfonderhoudend te wees. Om self te plant is reeds 'n stap nader aan nie net verligting van armoede nie maar ook die verbreking en voorkoming daarvan.

Die PlantSelf-plantkoepel is 'n unieke, omgewingsvriendelike tuin- en besproeiingstelsel wat almal in staat stel om 'n voedselbron van hul keuse te kweek.

## Die plantkoepel kan gebruik word om

kruie, groente, vrugte, sampioene of snyblomme te kweek of erdwurms, pluimvee of eetbare slakke te teel.



### Dit is veelsydig en kan in alle weerstoestande gebruik word:

- wind
- reën
- storms
- warm en droë toestande


**Kontak ons:**

012 111 8360
plantself@helpendehand.co.za


SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

**Neem jou eerste stap na selfonderhoudendheid.**

Bestel jou PlantSelf-plantkoepel vandag nog!

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 178 • Des. 2023/Jan. 2024

# Lig IN DUISTERNIS

*In die begin …* [het] *God gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig* (Gén. 1:1, 3).

Ná elkeen van die ses skeppingsdae het God aan die einde van die dag se werk gesê dat dit wat Hy gemaak het, goed is. Maar daar was een uitsondering … Aan die einde van die eerste skeppingsdag sê God dat die lig goed was, maar Hy *het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis* (Gén. 1:4).

Augustinus, die kerkvader, het dit gelees en toe opgemerk dat God nooit gesê het dat die duisternis goed is nie. God het wel later gesê dat dit goed is dat die lig en die duisternis van mekaar geskei is. Daar is goeie rede daarvoor, want sien, lig is nie maar net ’n wetenskaplike verskynsel nie; dit is ook die beeld van alles wat goed is. Daarom dat die Here Jesus gesê het: *So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld* (Joh. 9:5).

As ’n mens mooi oor duisternis (donkerte) dink, sal jy gou sien dat dit donker is daar waar lig nie is nie. Dit is presies waarom duisternis ’n



goeie beeld is waarmee ons boosheid (sondigheid) kan verduidelik. As goedheid soos lig is, is boosheid mos die afwesigheid van dit wat goed is. Dit is waarom 1 Johannes 1:5 sê: *God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.* Dieselfde kan egter nie van die wêreld waarin ons leef gesê word nie. Rondom ons is daar baie duisternis (sondigheid). Romeine 3:23 sê: *... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God*.

Nou: God is lig en die wêreld is vol duisternis. Tog lees ons dat God iets merkwaardig gedoen het. Hy het die donkerte van ons harte gesien en iets daaraan gedoen. Ons lees in 2 Korinthiërs 4:6: *Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.*

Daarom het die Here Jesus self ook in Matthéüs 5:14 gesê: *Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie ...* En in vers 16: *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.* Die Bybel maak dit duidelik dat God die lig in 'n donker wêreld is, dat Hy sy lig tot in die gelowige se hart laat skyn en dat die gelowige op sy beurt dan weer soos 'n lig in die donker moet skyn.


In 2 Petrus 1:19 kry ons te doen met die woord "fōsforos": *En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester* [fōsforos] *opgaan in julle harte ...*

Die woord "fōsforos" kom uit Grieks en beteken "draer van lig". Hierdie woord word ook spesifiek as verwysing na die *môrester* gebruik: een wat self skyn, maar wat vertel van en aankondig dat die helder lig van die dag op pad is. Is dit nie 'n mooi verduideliking van hoe ons as Christene moet leef nie? Ons moet "fōsforos" wees. Ons moet soos 'n lamp in 'n donker plek wees; soos die môrester wat skyn terwyl ons van 'n groter Lig vertel. Ons moet die profetiese Woord van God hoorbaar en sigbaar maak in 'n duisterniswêreld.

Mag God in hierdie feesseisoen verheerlik word en mag ons die Lig van ons geloof duideliker sien.

Groete, ds. Henning

*Boustene van die Koninkryk: Graad 1. Illustrasie deur Ester van Deventer.*



# Wyse manne uit die Ooste (Mt. 2)

# BARMHARTIGHEID

*Software ©crossword-compiler.com*

***Opgestel deur Daleen Pienaar***

In ons huidige samelewing met sy geweldsmisdaad beleef ons emosies wat vir ons onbekend is. Ons ervaar hoe ons lewensvreugde en -kwaliteit afneem of selfs verdwyn. Daarom wil ons soms uit woede en wraak met vergelding teen iemand of iets optree. Maar Dawid bely in Ps. 55: 17-19 dat *geen mens hom skade kan aandoen wat groter is as die genade wat hy van God ontvang nie.* In barmhartigheid sien Hy ons raak en versterk ons. (Erkenning: Ds. Lourens Prinsloo. *Onder Sy heerskappy*, 14 November 2022.)

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | E | W | I | N | G | L | S | S | G | D | M | V | T | C |
| L | F | I | E | Z | A | E | Q | W | A | D | D | U | I | F |
| O | Y | N | A | V | E | S | A | A | N | S | P | V | R | G |
| E | S | D | E | R | R | O | M | A | H | A | T | E | R | E |
| D | T | G | V | F | D | S | Y | R | V | J | S | R | W | B |
| B | E | S | S | Y | V | V | R | D | L | G | K | L | G | E |
| D | U | G | R | V | E | R | D | E | E | L | A | O | T | D |
| O | N | T | B | L | O | T | E | R | R | X | R | S | L | M |
| A | S | G | T | V | M | W | N | D | K | D | E | S | R | Q |
| N | G | E | N | E | B | O | L | I | E | N | D | O | W | D |
| H | E | R | D | R | N | E | E | B | N | A | T | R | E | D |
| A | W | A | O | N | H | L | K | I | T | S | Y | G | G | A |
| N | E | A | O | A | A | I | B | S | T | W | I | S | B | W |
| D | L | S | D | G | R | G | E | R | O | E | P | M | L | I |
| E | D | S | A | G | T | E | R | M | A | N | N | E | Y | D |

Angs • Bedrog • Bewing • Binneste • Bloed • Dawid • Dood • Duif • Gebed
Geraas • Geroep • Geval • Geweld • Hande • Hart • Hater • Manne • Moeite
Mure • Olie • Onreg • Ontblote • Put • Saans • Sagter • Skare • Smaad
Sorg • Stad • Steun • Storm • Stryd • Swaarde • Twis • Verdeel • Verlos
Vernag • Vlerke • Vrede • Vrees • Vyand • Wegbly • Wind • Woelige



Ester van Deventer

## MOSES STERF (DEUTERONÓMIUM 29:1-9; 30:11-20; 34)

Israel se tyd in die wildernis was amper verby. Moses het dit geweet. Hy het ook geweet dat hy nie die Beloofde Land sou ingaan nie. Die eerste keer toe daar nie water was om te drink nie, moes Moses die rots slaan en daar het water uitgekom. Later het hulle weer by 'n plek gekom waar daar nie water was nie en die Israeliete het weer vreeslik gekla. Die HERE het vir Moses gesê dat hy met die rots moes praat en dat daar weer water sou uitkom. Maar Moses was so kwaad vir die ondankbare Israeliete dat hy die rots geslaan het. Moses was ongehoorsaam en daarom het die HERE hom gestraf. Hy sou die Israeliete nie die Beloofde Land inlei nie. Moses het geweet dat hy amper sou doodgaan en daarom het hy met die Israeliete gaan praat. Hy wou hê dat hulle die belangrike goed moes onthou.

"Veertig jaar het julle in die woestyn rondgetrek en die HERE het nog altyd vir julle gesorg."

Die mense het saamgestem. Hulle het dit ook raakgesien. Hul klere het nie geskeur nie, hul skoene het nie oud geword nie. Die HERE was baie goed vir hulle.

“Een van die dae gaan die Here julle Kanaän inlei. God sal maak dat julle die mense van Kanaän oorwin. Julle sal hulle nie oorwin omdat julle so gehoorsaam was nie, maar omdat die Here vir julle goed is.”

Die mense het weer hul koppe geknik. Hulle het geweet dat dit ook waar is. Hulle het so baie gekerm en gekla en hulle was ook dikwels ongehoorsaam.

“Julle sal die Kanaäniete oorwin omdat die Here ’n verbond met julle gemaak het. Lank gelede het die Here hierdie land aan jul voorvaders, Abraham, Isak en Jakob belowe. Hy het belowe dat Hy julle ’n groot nasie sal maak. Dit het so gebeur. Jare gelede het Jakob na Egipte gegaan met sewentig mense. Kyk hoeveel Israeliete is ons nie vandag nie! Daar is te veel om te tel. Ons het so baie soos die sterre aan die hemel geword. God was nog altyd goed vir ons! Hou aan om Hom te dien en wees aan Hom gehoorsaam. Dan sal dit met julle goed gaan in hierdie land wat die Here ook aan julle belowe het.” Toe Moses klaar met die Israeliete gepraat het, het hy ’n lied begin sing.

“Die Here is my rots. Hy is altyd getrou en regverdig.” Almal moes dit hoor: die ou mense, die kinders, almal! Toe Moses sy lied klaar gesing het, het die Here hom na ’n hoë berg geneem. Dit was so hoog dat Moses baie ver kon sien.

“Kyk om jou, Moses,” het die Here gesê. Moses het dit dadelik gedoen. Agter hom was die woestyn en die wildernis – die plek waar die Israeliete rondgeswerf het. Voor hom was die pragtige land wat die Here vir die Israeliete belowe het. In die verte was daar ook ’n berg waar die stad Jerusalem was en waar die Here Jesus later gekruisig sou word. Wat ’n pragtige plek was dit nie! Maar Moses kon nie verder gaan nie. Hy het geweet dat dit nou die einde van sy paadjie was. Ons lees in die Bybel dat God self Moses se liggaam daar begrawe het. Moses se lewe op aarde was verby, maar hy was van daardie dag af vir altyd by die Here in die hemel. Dáár is dinge nog mooier en wonderliker as in Kanaän.

Nadat die Here Moses weggevat het, was die Israeliete onseker. Wie sou nou hul leier wees? Wie sou die Here nou gebruik om hulle die Beloofde Land in te vat? Die Here het klaar ’n nuwe leier geroep. Sy naam was Josua. Die Here was met Josua net soos wat Hy met Moses was. God sorg vir sy kinders.



# Geloof IN 'N GROEF ...



DS. HENNING DAFEL

**Baie Christene voel dat hulle in hul geloof stagneer, dat hulle nie geestelik groei nie. Jaar ná jaar bly hulle in dieselfde groef vasgevang. Hulle glo, maar hulle beleef nie dat hulle *in alles ... opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus* (Efés. 4:15) nie.**

Ons mag nie tevrede wees om soos groen koring te wees as ons vol in die aar kan staan en baie vrug kan dra nie. Ons mag nie tevrede wees om net 'n vonkie geloof te hê as ons harte vurig vir die Here kan brand nie. Daarom moet ons vra: Hoe kan ons geestelik groei?

Is dit genoeg om net in Christus te glo sonder om 'n behoefte te hê om meer van sy rykdom en genade te beleef? Is dit genoeg om maar net te sê jy weet van Jesus, sonder dat jy regtig in jou persoonlike verhouding met Hom groei? Is dit genoeg om te sê jy weet waar 'n skat is, sonder om die skat jou eie te maak? Dit behoort tog nie so te wees nie. Soos 'n wyse handelaar op die hemelse mark, moet jy soek om ryk te word in jou

kennis van die Here Jesus. Dit verg egter inspanning en toegewydheid. Ons mag nie tevrede wees as ons geloof altyd soos winter voel nie. Ons moet in ons geloof na die lente soek, wat in ’n vrugbare somer sal oorgaan.

As ons regtig ’n behoefte het om God se genade beter te leer ken, moet ons naby aan die Here Jesus bly. Wanneer ons só tyd saam met Hom spandeer, sal ons gou agterkom dat ons in ons geloof, in ons hoop en in ons liefde groei. Ons sal agterkom dat ons heilig gemaak word.

Hoe kan ons so naby aan die Here Jesus bly:

---

- Deur gereeld die Bybel te lees en die groot waarhede in die Bybel te oordink. Die Bybel is tog die plek waar ons God se liefde op sy duidelikste raaksien. Dit is so dat sommige gedeeltes baie moeilik is en daarom help dit baiekeer as ’n mens vier vrae vra: (1) Wat leer ek van God in die gedeelte? (2) Wat beloof God in die gedeelte? (3) Wat kan ek volgens die gedeelte van God vra as ek bid? (4) Wat sien ek in die gedeelte waarvoor ek vir God dankie kan sê.

---

- Deur gereeld te bid. Waar God deur die Bybel met jou praat, praat jy met God wanneer jy bid. Daar kan jy jou hart voor God uitstort en met Hom oor jou bekommernisse en vreugdes praat.

---

- Deur gereeld tussen ander gelowiges te wees, deur byvoorbeeld erediens toe te gaan of Bybelstudie by te woon. Dit is geleenthede waar gelowiges kans kry om saam oor belangrike dinge te dink en te bid. Die gemeenskap van gelowiges is juis ’n plek waar ons kan groei, mekaar kan dien en bemoedig.

---

Geestelike groei is ’n reis wat toewyding, studie, gebed en gemeenskap met ander gelowiges vereis. Tyd wat ons saam met die Here Jesus spandeer is nooit verkwiste tyd nie. Mag dit wees dat oor ’n paar maande van nou af, jy kan getuig dat jou verhouding met die Here gegroei het. Kom ons wees nie tevrede wanneer ons geloof stagneer nie. Kom ons soek en verlang na ’n tyd van oorvloedige genade.